

ONTLEDING VAN DIE RESPONSE

4.1 INLEIDING

Waar die metode van ondersoek in die vorige hoofstuk bespreek is, word nou voortgegaan met die ontleding van die antwoorde op die vraelys.

Die aandag word toegespits op die faktore wat moontlik 'n invloed uitgeoefen het op die doen van 'n vakkeuse. Veral van belang is die invloed van persone met wie die respondente in aanraking kom en wat moontlik 'n invloed op vakkeuse kon uitoefen, die invloed van die vak self en in besonder die vakonderwyser as beïnvloedende faktor.

Ten slotte sal gepoog word om vas te stel watter invloed ouderdom en studieplanne van die respondente, asook opvoedkundige peil en beroep van vader en moeder, moontlik op die vakkeuse uitgeoefen het.

4.2 ORDENING VAN GEGEWENS

'n Enkele bylae¹ is opgestel waarin al die gegewens afkomstig uit die voltooide vraelyste saamgevat is. In hierdie bylae is die gegewens in dieselfde volgorde as die betrokke vrae in die vraelys gerangskik, sodat 'n bondige oorsig van alle responsies verstrek word. Een so'n samevattende tabel het die besondere voordeel, dat as al die totale klop, dit 'n effektiewe kontrole van die statistiese verwerking is. Elke tabel wat uit hierdie samevattende tabel opgestel word, pas rekenkundig in die groter raamwerk.

4.3. ONTLEDING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE PERSONE OP DIE VAKKEUSE VAN RESPONDENTE

In die eersvolgende twaalf tabelle² word die invloedspersone teenoor die keusevakke gestel om moontlike

1. Kyk bylae 5.
2. Almal saamgestel uit bylae 5.

tendense af te lei. Daar word naamlik beoog om vas te stel of die invloed deur invloedspersone uitgeoefen ten opsigte van die keusevakke beduidend is.

Vir vergelykingsdoeleindes is dit nodig om die getalle in elke tabel as persentasies aan te dui. Dit verskaf 'n gerieflike basis, om die aantalle, wat op die oog af moeilik met mekaar vergelyk kan word vanweë verskillende totale, met mekaar in verband te bring. In al twaalf die tabelle is die aantal daardie leerlinge wat die betrokke vakke gekies het en die persentasie word hierop bereken.

Aangesien die invloed van die veranderlikes so omvangryk is, sal slegs die invloed uitgeoefen deur die twee belangrikste invloedspersone by alle tabelle in aanmerking geneem word, terwyl opvallende verskille onder die aandag gebring sal word.

TABEL 1

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN INVLOEDSPERSONE
TEN OPSIGTE VAN DIE KEUSE VAN DUITST*

Verander- likes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus ²	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	0	0	0	0	0	0	-	-
2	0	0	2	25,00	2	10,53	-	-
3	0	0	1	12,50	1	5,26	-	-
4	2	18,18	1	12,50	3	15,79	-	-
5	2	18,18	0	0	2	10,53	-	-
6	1	9,09	0	0	1	5,26	-	-
7	5	45,45	3	37,50	8	42,11	-	-
8	1	9,09	1	12,50	2	10,53	-	-
9	0	0	0	0	0	0	-	-
TOTAAL	11	99,99	8	100,00	19	100,00		

*Vergelyk bylae 5, Afdeling B.

1. Sleutel tot veranderlikes: 1 = Registeronderwyser, 2 = persoon in 'n beroep, 3 = Voorligteronderwyser, 4 = broers of susters, 5 = vakonderwyser, 6 = maats, 7 = vader en moeder, 8 = skoolhoof, 9 = eie keuse.
2. Nie keusevak vir E-kursus nie.

Na aanleiding van die gegewens uit hierdie tabel blyk dit dat die ouers die belangrikste invloedspersone was by seuns, 5 of 45,45%, dogters, 3 of 37,50%, en U-kursusleerlinge, 8 of 42,11%, terwyl broers of susters en die vakonderwyser as tweede belangrikste invloedspersone genoem word by seuns, 2 of 18,18% en U-kursusleerlinge, 3 of 15,79%. By dogters het persone in 'n bepaalde beroep tweede grootste invloed uitgeoefen, naamlik op 2 of 25,00%. Die invloed deur ander invloedspersone uitgeoefen was gering, terwyl die registeronderwyser geen invloed uitgeoefen het nie.

TABEL 2

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN INVLOEDSPERSONE
TEN OPSIGTE VAN LATYN*

Verander- likes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-kursus ²	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	0	-	0	-	0	-	-	-
2	0	-	0	-	0	-	-	-
3	0	-	0	-	0	-	-	-
4	0	-	0	-	0	-	-	-
5	0	-	1	100	1	25	-	-
6	0	-	0	-	0	-	-	-
7	3	100	0	-	3	75	-	-
8	0	-	0	-	0	-	-	-
9	0	-	0	-	0	-	-	-
TOTAAL	3	100	1	100	4	100	-	-

*Vergelyk bylae 5, Afdeling B.

1. Sleutel tot veranderlikes: dieselfde as vir tabel 1.
2. Nie keusevak vir E-kursus nie.

Drie of 100% van die seuns wat Latyn gekies het, verwys na hulle ouers as die belangrikste faktor, terwyl 1 of 100% van die dogters na die klasonderwyser as die belangrikste invloedspersoon verwys. Die ouers, net soos by Duits, het dus die belangrikste invloed op die keuse van Latyn uitgeoefen, terwyl die vakonderwyser ook soms sterk figureer.

TABEL 3

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN INVLOEDSPERSONE
TEN OPSIGTE VAN DIE KEUSE VAN AARDRYKSKUNDE*

Veranderlikes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	-	-	-	-	-	-	-	-
2	1	3,45	-	-	1	3,45	-	-
3	2	6,90	1	5,00	1	3,45	2	10,00
4	3	10,34	3	15,00	4	13,79	2	10,00
5	4	13,79	1	5,00	4	13,79	1	5,00
6	9	31,05	9	45,00	7	24,14	11	55,00
7	5	17,24	6	30,00	8	27,59	3	15,00
8	2	6,90	-	-	2	6,90	-	-
9	3	10,34	-	-	2	6,90	1	5,00
TOTAAL	29	100,01	20	100,00	29	99,98	20	100,00

*Kyk Bylae 5, Afdeling B.

1. Sleutel tot veranderlikes: dieselfde as vir tabel 1.

Na aanleiding van die gegewens in hierdie tabel blyk dit dat maats die belangrikste invloed op seuns, 9 of 31,05%, dogters, 9 of 45,00%, en E-kursusleerlinge, 11 of 55,00%, uitgeoefen het, terwyl die ouers by die U-kursus, 8 of 27,59%, die belangrikste invloedspersone was. By die seuns, 5 of 17,24%, dogters, 6 of 30,00%, en E-kursus 3 of 15,00%, was die ouers die tweede belangrikste invloedspersone, terwyl dit by die U-kursus maats, 7 of 24,14%, was. Geringer invloed is deur die ander invloedspersone uitgeoefen, terwyl die registeronderwyser geen invloed uitgeoefen het nie.

TABEL 4

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN INVLOEDSPERSONE
TEN OPSIGTE VAN DIE KEUSE VAN HANDEL*

Verander- likes ¹	Seuns		Dogters		U-kursus ²		E-kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	-	-	-	-	-	-	-	-
2	7	30,44	6	21,43	-	-	13	25,49
3	1	4,35	-	-	-	-	1	1,96
4	2	8,70	3	10,71	-	-	5	9,80
5	-	-	3	10,71	-	-	3	5,88
6	7	30,44	13	46,43	-	-	20	39,22
7	5	21,74	2	7,41	-	-	7	13,73
8	1	4,35	-	-	-	-	1	1,96
9	-	-	1	3,57	-	-	1	1,96
TOTAAL	23	100,02	28	99,98	-	-	51	100,00

*Kyk Bylae 5, Afdeling B.

1. Sleutel tot veranderlikes: dieselfde as vir tabel 1.
2. Nie keusevak vir U-kursus nie.

Tabel 4 in oënskou geneem, toon dat maats die belangrikste invloed by seuns, 7 of 30,44%, dogters, 13 of 46,43% en E-kursusleerlinge, 20 of 39,22%, uitgeoefen het, terwyl 'n persoon in 'n beroep waar Handel van belang is, die tweede grootste invloed by dogters, 6 of 21,43% en E-kursusleerlinge, 13 of 25,49%, uitgeoefen het. By die seuns word 'n persoon in 'n beroep waar die vak van belang is, saam met maats as die belangrikste invloedspersone genoem. Die ouers het ten opsigte van 5 of 21,74% seuns as belangrikste beïnvloedende faktor by seuns gegeld. Die invloed deur ander invloedspersone was geringer, terwyl die registeronderwyser geen invloed uitgeoefen het nie.

TABEL 5

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN INVLOEDSPERSONE
TEN OPSIGTE VAN DIE KEUSE VAN WISKUNDE*

Verander- likes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	-	-	1	20,00	1	2,78	-	-
2	13	41,94	2	40,00	15	41,67	1	50,00
3	-	-	-	-	-	-	-	-
4	3	9,68	-	-	3	8,33	-	-
5	3	9,68	-	-	3	8,33	-	-
6	-	-	-	-	-	-	-	-
7	9	29,03	2	40,00	11	30,56	1	50,00
8	-	-	-	-	-	-	-	-
9	3	9,68	-	-	3	8,33	-	-
TOTAAL	31	100,01	5	-	36	100,00	2	100,00

*Kyk Bylae 5, Afdeling B.

1. Sleutel tot veranderlikes: dieselfde as vir tabel 1.

By die ontleding van die gegewens in tabel 5 blyk dat 'n persoon in 'n beroep waar Wiskunde van belang is, die belangrikste invloedspersoon was, wat 13 of 41,94% seuns, 2 of 40% dogters, 15 of 41,67% U-kursusleerlinge en 1 of 50% E-kursusleerlinge beïnvloed het om Wiskunde te kies. By al bogenoemde groepe leerlinge was die ouers die tweede belangrikste invloedspersone. Geringer invloed is deur ander invloedspersone uitgeoefen, terwyl die voorligteronderwyser en die hoof geen invloed uitgeoefen het nie.

TABEL 6

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN INVLOEDSPERSONE
TEN OPSIGTE VAN DIE KEUSE VAN BEDRYFSKENNIS*

Verander- likes ¹	Seuns		Dogters ²		U-kursus		E-kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	-	-	-	-	-	-	-	-
2	4	12,94	-	-	1	20,00	3	11,54
3	2	6,45	-	-	-	-	2	7,69
4	2	6,45	-	-	-	-	2	7,69
5	9	29,03	-	-	3	60,00	6	23,08
6	7	22,58	-	-	-	-	7	26,92
7	4	12,94	-	-	1	20,00	3	11,54
8	2	6,45	-	-	-	-	2	7,69
9	1	3,23	-	-	-	-	1	3,85
TOTAAL	31	99,99	-	-	5	100,00	26	100,00

*Kyk bylae 5, Afdeling B.

1. Sleutel tot veranderlikes: dieselfde as vir tabel 1.
2. Nie keusevak vir dogters nie.

Die vakonderwyser was hier die belangrikste invloedspersoon, wat 9 of 29,03% seuns en 3 of 60% U-kursusleerlinge beïnvloed het om Bedryfskennis te kies, terwyl hy die tweede belangrikste invloedspersoon by die E-kursusleerlinge was (6 of 23,08%). Opvallend is maats, wat by die E-kursusleerlinge die belangrikste invloedspersone (7 of 26,92%) was, terwyl hulle die tweede belangrikste invloedspersone by 7 of 22,58% seuns was. Die invloed deur ander invloedspersone uitgeoefen was geringer, terwyl die registeronderwyser geen invloed uitgeoefen het nie.

TABEL 7

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN INVLOEDSPERSONE
TEN OPSIGTE VAN DIE KEUSE VAN HUISHOUDKUNDE*

Verander- likes ¹	Seuns		Dogters		U-kursus		E-kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	-	-	-	-	-	-	-	-
2	-	-	6	15,79	2	15,38	4	16,00
3	-	-	1	2,63	1	7,69	-	-
4	-	-	3	7,89	1	7,69	2	8,00
5	-	-	8	21,05	2	15,38	6	24,00
6	-	-	3	7,89	1	7,69	2	8,00
7	-	-	14	36,84	4	30,77	10	40,00
8	-	-	1	2,63	1	7,69	-	-
9	-	-	2	5,26	1	7,69	1	4,00
TOTAAL	-	-	38	99,98	13	99,98	25	100,00

*Kyk bylae 5, Afdeling B.

1. Sleutel tot veranderlikes: dieselfde as vir tabel 1.
2. Nie keusevak vir seuns nie.

Tabel 7 in oënskou geneem, toon dat die belangrikste invloedspersone die ouers was, wat 14 of 36,84% dogters, 4 of 30,77% U-kursusleerlinge en 10 of 40% E-kursusleerlinge beïnvloed het om Huishoudkunde te kies. Voorts het die vakonderwysers die tweede belangrikste invloed op dogters, 8 of 21,05%, U-kursusleerlinge, 2 of 15,38%, en E-kursusleerlinge, 6 of 24%, uitgeoefen. 'n Persoon in 'n beroep waar die vak van belang is het 6 of 15,79% dogters, 2 of 15,38% U-kursusleerlinge en 4 of 16% E-kursusleerlinge alhier beïnvloed. Geringer invloed is deur die ander invloedspersone uitgeoefen, terwyl die registeronderwyser geen invloed uitgeoefen het nie.

TABEL 8

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN INVLOEDSPERSONE
TEN OPSIGTE VAN DIE KEUSE VAN BIOLOGIE*

Verander- likes ¹	Seuns		Dogters		U-kursus		E-kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	-	-	-	-	-	-	-	-
2	8	27,59	6	17,14	8	30,77	6	15,79
3	-	-	1	2,86	-	-	1	2,63
4	5	17,24	7	20,00	6	23,08	6	15,79
5	4	13,79	5	14,29	4	15,38	5	13,16
6	4	13,79	9	25,71	2	7,69	11	28,95
7	5	17,24	6	17,14	4	15,38	7	18,42
8	1	3,45	-	-	1	3,85	-	-
9	2	6,90	1	2,86	1	3,85	2	5,26
TOTAAL	29	100,00	35	100,00	26	100,00	38	100,00

*Kyk bylae 5, Afdeling B.

1. Sleutel tot veranderlikes: dieselfde as vir tabel 1.

Na aanleiding van die gegewens in hierdie tabel blyk dit dat 'n persoon in 'n beroep waar Biologie van belang is, die belangrikste invloedspersoon was vir 8 of 27,59% seuns en 8 of 30,77% U-kursusleerlinge, terwyl maats by dogters en E-kursusleerlinge die belangrikste invloedspersone was en wel vir 9 of 25,71% en 11 of 28,95% respektiewelik. Voorts was die tweede belangrikste invloedspersone ouers wat 5 of 17,24% seuns en 7 of 18,42% E-kursusleerlinge, en broers of susters wat 5 of 17,24% seuns, 7 of 20,00% dogters en 6 of 23,08% U-kursusleerlinge beïnvloed het. Die res van die invloedspersone het 'n geringer invloed uitgeoefen, terwyl die registeronderwyser geen invloed uitgeoefen het nie.

TABEL 9

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN INVLOEDSPERSONE
TEN OPSIGTE VAN DIE KEUSE VAN REKENINGKUNDE*

Verander- likes ^I	Seuns		Dogters		U-kursus		E-kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	1	2,86	-	-	-	-	1	4,17
2	8	22,86	8	53,33	9	34,62	7	29,16
3	-	-	-	-	-	-	-	-
4	7	20,00	-	-	4	15,38	3	12,50
5	3	8,57	1	6,67	2	7,69	2	8,33
6	2	5,71	-	-	1	3,85	1	4,17
7	10	28,57	6	40,00	7	26,92	9	37,50
8	-	-	-	-	-	-	-	-
9	4	11,43	-	-	3	11,54	1	4,17
TOTAAL	35	100,00	15	100,00	26	100,00	24	100,00

*Kyk bylae, 5 Afdeling B.

1. Sleutel tot veranderlikes: dieselfde as vir tabel 1.

By ontleding van die gegewens in hierdie tabel word gevind dat die belangrikste invloedspersone die ouers was, wat 10 of 28,57% seuns en 9 of 37,50% E-kursusleerlinge beïnvloed het, terwyl 'n persoon in 'n beroep waar die vak van belang is, deur 8 of 53,33% dogters en 9 of 34,62% U-kursusleerlinge as belangrikste invloedspersoon genoem word. Voorts was die tweede belangrikste invloedspersoon by 8 of 22,86% seuns en 7 of 29,16% E-kursusleerlinge 'n persoon in 'n beroep waar die vak van belang is, terwyl die ouers tweede geplaas word by 6 of 40,00% dogters en 7 of 26,92% U-kursusleerlinge. Geringer invloed is deur die ander invloedspersone uitgeoefen, terwyl die voorligteronderwyser en die hoof geen invloed uitgeoefen het nie.

TABEL 10

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN INVLOEDSPERSONE
TEN OPSIGTE VAN DIE KEUSE VAN GESKIEDENIS*

Verander- likes ¹	Seuns		Dogters		U-kursus		E-kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	2	5,41	-	-	-	-	2	5,88
2	6	16,22	-	-	2	15,38	4	11,76
3	4	10,81	1	10,00	-	-	5	14,71
4	2	5,41	3	30,00	2	15,38	3	8,82
5	6	16,22	1	10,00	4	30,77	3	8,82
6	5	13,51	3	30,00	2	15,38	6	17,65
7	9	24,32	1	10,00	2	15,38	8	23,53
8	2	5,41	-	-	-	-	2	5,88
9	1	2,70	1	10,00	1	7,69	1	2,94
TOTAAL	37	100,01	10	100,00	13	99,98	34	99,99

*Kyk bylae 5, Afdeling B.

1. Sleutel tot veranderlikes: dieselfde as vir tabel 1.

Samevattend beskou, was die ouers die belangrikste invloedspersone by 9 of 24,32% seuns en 8 of 23,53%, E-kursusleerlinge terwyl maats saam met broers of susters as belangrikste invloedspersone by dogters genoem word. Voorts word die vakonderwyser deur 4 of 30,77% U-kursusleerlinge genoem as belangrikste invloedspersoon. 'n Persoon in 'n beroep waar die vak van belang is en die vakonderwyser word elk deur 6 of 16,22% seuns as tweede belangrikste invloedspersoon genoem. Vervolgens word maats deur 6 of 17,65% E-kursusleerlinge as tweede belangrikste invloedspersone genoem. Die invloed deur ander invloedspersone is geringer.

TABEL 11

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN INVLOEDSPERSONE
TEN OPSIGTE VAN DIE KEUSE VAN NATUUR- EN SKEIKUNDE*

Verander- likes ¹	Seuns		Dogters		U-kursus		E-kursus ²	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	-	-	-	-	-	-	-	-
2	8	29,63	2	50,00	10	32,26	-	-
3	-	-	-	-	-	-	-	-
4	4	14,81	-	-	4	12,90	-	-
5	2	7,41	-	-	2	6,45	-	-
6	2	7,41	-	-	2	6,45	-	-
7	7	25,93	2	50,00	9	29,03	-	-
8	1	3,70	-	-	1	3,23	-	-
9	3	11,11	-	-	3	9,68	-	-
TOTAAL	27	100,00	4	100,00	31	100,00	-	-

*Kyk Bylae 5, Afdeling B.

1. Sleutel tot veranderlikes: dieselfde as vir tabel 1.
2. Wiskunde verpligtend om Natuur- en Skeikunde te kies.

'n Persoon in die beroep waar die vak van belang is, was hier die belangrikste invloedspersoon en wel by 8 of 29,63% seuns, 2 of 50% dogters en 10 of 32,26% U-kursusleerlinge, terwyl die ouers genoem word as tweede belangrikste invloedspersone in die geval van 7 of 25,93% seuns en 9 of 29,30% U-kursusleerlinge. Ouers word deur 2 of 50% dogters, saam met 'n persoon in 'n beroep waar die vak van belang is, eerste geplaas. Geen invloed is, volgens die toetslinge, deur die register- en voorligteronderwyser uitgeoefen nie. Dit blyk verder dat geen E-kursusleerlinge die vak gekies het nie. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat slegs 2 E-kursusleerlinge Wiskunde gekies het, wat 'n vereiste is om Natuur- en Skeikunde te kies.

TABEL 12

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN INVLOEDSPERSONE
TEN OPSIGTE VAN DIE KEUSE VAN TIK*

Verander- likes ¹	Seuns ²		Dogters		U-kursus		E-kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	-	-	-	-	-	-	-	-
2	-	-	13	36,11	-	-	13	46,43
3	-	-	-	-	-	-	-	-
4	-	-	5	13,89	2	25,10	3	10,71
5	-	-	1	2,78	1	12,50	-	-
6	-	-	3	8,33	1	12,50	2	7,14
7	-	-	13	36,11	4	50,00	9	32,14
8	-	-	-	-	-	-	-	-
9	-	-	1	2,78	-	-	1	3,57
TOTAAL	-	-	36	100,00	8	100,00	28	99,99

*Kyk bylae 5, Afdeling B.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 1.
2. Nie keusevak vir seuns nie.

'n Persoon in 'n beroep waar Tik van belang is, was die belangrikste invloedspersoon by 13 of 36,11% dogters en 13 of 46,43% E-kursusleerlinge, terwyl ouers ewe belangrike invloedspersone by 4 of 50% U-kursusleerlinge en 13 of 36,11% dogters was. Die tweede belangrikste invloedspersone by die dogters en U-kursusleerlinge was broers en susters waar 5 of 13,89% dogters en 2 of 25% U-kursusleerlinge deur hulle beïnvloed was, terwyl ouers die tweede belangrikste invloedspersone by 9 of 32,14% E-kursusleerlinge was. Geringer invloed is deur die ander invloedspersone uitgeoefen, terwyl die hoof, voorligter- en registeronderwyser, volgens die respondente, geen invloed uitgeoefen het nie.

TABEL 13

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN INVLOEDSPERSONE TEN OPSIGTE VAN DIE KEUSE VAN DIE TWAALF KEUSEVAKKE GESAMENTLIK*

Veranderlikes ¹	Universum ²	Persentasie ³
1	4	0,887
2	100	21,929
3	14	3,070
4	55	12,060
5	54	11,840
6	77	16,885
7	117	25,656
8	12	2,631
9	23	5,044
TOTAAL	456	100,002

*Kyk bylae 5, Afdeling B.

1. Sleutel tot veranderlikes soos in tabel 1.
2. Die universum is 456 omdat elk van die 114 respondente vier keusevakke het waar hulle moontlik kon beïnvloed word.
3. Persentasie bereken op universum van 456.

Die gegewens toon dat die ouers 25,656% leerlinge beïnvloed het om hulle vakke te kies, gevolg deur 'n persoon in 'n beroep waar die vakke van belang is, waardeur 21,929% leerlinge beïnvloed was. Voorts was 16,885% leerlinge deur hulle maats beïnvloed om sekere vakke te kies, terwyl 12,06% en 11,84% leerlinge respektiewelik deur broers of susters en die vakonderwyser beïnvloed was. Die res van die invloedspersone het 'n baie geringe invloed uitgeoefen.

4.3.1 BEVINDINGS

4.3.1.1 DIE OUERS AS INVLOEDSPERSONE

Die tabelle in oënskou geneem, toon dat die ouers by die volgende vakke die belangrikste invloedspersone was: Duits by seuns (45,45%), dogters (37,35%) en U-kursusleerlinge (42,11%); Latyn by seuns (100%) en U-kursusleerlinge (75%); Natuur- en Skeikunde by dogters (50%); Rekeningkunde by seuns (28,54%) en E-kursusleerlinge (37,50%); Geskiedenis by seuns (24,32%) en E-kursusleerlinge (23,53%); Wiskunde by dogters (40%) en E-kursusleerlinge (50%); Tik by dogters (36,1%) en U-kursus (50%); en by Huishoudkunde dogters (36,84%), U-kursus (30,77%) en E-kursus (40%).

Voorts was die ouers by die keuse van die volgende vakke die tweede belangrikste invloedspersone, nl. Aardryk- skunde by seuns (17,24%), by dogters (21,74%) en by E- kursusleerlinge (15%); Handel by seuns (30,56%); Wiskunde by seuns (29,03%) en by U-kursus (30,56%); Biologie by seuns (17,24%) en E-kursus (18,42%); Natuur- en Skeikunde by seuns (25,94%) en U-kursus (29,03%); Rekeningkunde by dogters (40%) en U-kursus (26,92%); Geskiedenis by dogters (10%) en U-kursus (15,38%); Bedryfskennis by U-kursusleerlinge (26,92%); en Tik by E-kursusleerlinge (32,14%).

Die ouers het slegs by dogters wat Latyn neem en die leerlinge van die E-kursus in Natuur- en Skeikunde geen invloed uitgeoefen nie. Al die vakke in aanmerking geneem,

toon dat die totale invloed¹ wat die ouers uitgeoefen het, as volg was: seuns 24,22%, dogters 27,50%, U-kursusleerlinge 28,85% en E-kursusleerlinge 22,98%.

4.3.1.2 DIE INVLOED UITGEOEFEN DEUR PERSONE IN 'N BEROEP WAAR DIE VAK VAN BELANG IS

'n Persoon in 'n beroep waar die vak van belang is, was die belangrikste invloedspersoon by die volgende vakke: Wiskunde by seuns (41,94%), dogters (40%), U-kursusleerlinge (41,67%) en E-kursusleerlinge (50%); Natuur- en Skeikunde by seuns (29,63%), dogters (50%) en U-kursusleerlinge (32,26%); Rekeningkunde by dogters (53,33%) en U-kursus (34,62%); Biologie by seuns (27,59%) en U-kursusleerlinge (30,77%); Tik by dogters (36,11%) en E-kursusleerlinge (46,43%); en Handel by seuns (30,44%).

-
1. Die totale invloed is as volg bereken:
Die aantal seuns wat by elke vak deur hulle ouers beïnvloed was om die betrokke vakke te kies, word bymekaar getel, voorts word al die seuns wat die betrokke vakke gekies het ook bymekaar getel. Dié verhouding word dan as 'n persentasie uitgedruk, bv.
Duits: 5 van die 11 seuns wat Duits gekies het, was deur hulle ouers beïnvloed.
Latyn: 3 van die 3 seuns wat Latyn gekies het, was deur hulle ouers beïnvloed.
Aardrykskunde: 5 van die 29 seuns wat Aardrykskunde gekies het, was deur hulle ouers beïnvloed.
Handel: 5 van die 23 seuns wat Handel gekies het, was deur hulle ouers beïnvloed.
Wiskunde: 9 van die 31 seuns wat Wiskunde gekies het, was deur hulle ouers beïnvloed.
Bedryfskennis: 4 van die 31 seuns wat Bedryfskennis gekies het, was deur hulle ouers beïnvloed.
Biologie: 5 van die 29 seuns wat Biologie gekies het, was deur hulle ouers beïnvloed.
Rekeningkunde: 10 van die 33 seuns wat Rekeningkunde gekies het, was deur hulle ouers beïnvloed.
Geskiedenis: 9 van die 37 seuns wat Geskiedenis gekies het, was deur hulle ouers beïnvloed.
Natuur- en Skeikunde: 7 van die 27 seuns wat Natuur- en Skeikunde gekies het, was deur hulle ouers beïnvloed.
Totaal: 62 van die 256 seuns wat vakke gekies het, was deur hulle ouers beïnvloed wat die totale invloed op 24,22% te staan bring. Die totale invloed op dogters, U-kursusleerlinge en E-kursusleerlinge word op dieselfde manier bereken.

Voorts was 'n persoon in 'n beroep waar die vak van belang is, die tweede belangrikste invloedspersoon by die keuse van Rekeningkunde by seuns (22,86%) en E-kursusleerlinge (29,16%); Handel by dogters (21,43%) en E-kursusleerlinge (25,49%); Huishoudkunde by dogters (15,79%) en U-kursusleerlinge (15,38%); Geskiedenis by seuns (16,22%) en U-kursusleerlinge (15,38%); Duits by dogters (25%); Biologie by dogters (17,14%); en Bedryfskennis by U-kursusleerlinge (20,00%).

'n Persoon in 'n beroep waar die vak van belang is, het slegs 'n geringe invloed by die keuse van Latyn en Aardrykskunde uitgeoefen. Al die keusevakke in aanmerking geneem, toon dat die totale invloed uitgeoefen deur 'n persoon in 'n beroep waar die vak van belang is,¹ by seuns 21,48%, by dogters 25,30%, by U-kursusleerlinge 23,56% en by die E-kursusleerlinge 20,57% was.

4.3.1.3 MAATS AS INVLOEDSPERSONE

Alhoewel die invloed van maats op die doen van 'n vakkeuse geringer is as dié van ouers en persone in 'n beroep waar die vakke van belang is, is maats nogtans die derde belangrikste invloedspersone² en speel hulle veral 'n besondere rol by die vakkeuse van E-kursusleerlinge, soos dit sal blyk in die ontleding wat volg.

Maats was die belangrikste invloedspersone by die keuse van Aardrykskunde by seuns (31,05%), dogters (45%) en E-kursusleerlinge (55%); Handel by seuns (30,44%), dogters (46,43%) en E-kursusleerlinge (39,22%); Biologie by dogters (25,74%) en E-kursusleerlinge (28,95%); Geskiedenis by dogters (30%); en Bedryfskennis by E-kursusleerlinge (26,92%). Voorts het maats die tweede grootste invloed uitgeoefen op die keuse van Bedryfskennis by seuns (22,58%); Geskiedenis by die U-kursusleerlinge (15,38%) en E-kursusleerlinge (17,65%);

1. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.3.1.1 verduidelik.

2. Vergelyk tabel 13.

en van Aardrykskunde by die dogters (24,24%). By verdere ontleding van die tabelle blyk dit dat maats nooit die belangrikste invloedspersone by enige keusevak van die U-kursusleerlinge was nie. Dit val op dat maats slegs geringe of geen invloed op die keuse van Latyn, Wiskunde en Natuur- en Skeikunde uitgeoefen het, wat gewoonlik by leerlinge as die moeilike vakke bekend staan en wat by uitstek U-kursusvakke is. Die totale invloed deur maats uitgeoefen is derhalwe by E-kursusleerlinge die hoogste nl. 24,19% gevolg deur dogters 20,00%, seuns 14,45% en U-kursusleerlinge 8,17%.¹

4.3.1.4 BROERS EN SUSTERS AS INVLOEDSPERSONE

By ontleding van die gegewens blyk dit dat die broers en susters slegs by die keuse van Geskiedenis deur die dogters die belangrikste invloedspersone was. By die seuns sowel as die U- en E-kursusleerlinge kan hulle nêrens as die belangrikste invloedspersone bestempel word nie. Voorts het broers en susters die tweede belangrikste invloed uitgeoefen by die keuse van Duits deur seuns (18,18%) en deur U-kursusleerlinge (15,79%); Biologie deur seuns (17,24%), dogters (20%) en U-kursusleerlinge (23,08%); Tik deur dogters (13,89%) en U-kursusleerlinge (25%); en Geskiedenis deur dogters (15,38%).

Alhoewel die broers en susters net by die dogters ten opsigte van die keuse van Geskiedenis as die belangrikste en ten opsigte van enkele vakke by ander leerlinggroepe as tweede belangrikste invloedspersone geld, het hulle nogtans 'n totale invloed van 11,33% by seuns, 12,5% by dogters, 13,94% by U-kursusleerlinge en 10,48% by E-kursusleerlinge uitgeoefen.²

-
1. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.3.1.1 aangedui.
 2. Ibid.

4.3.1.5 DIE VAKONDERWYSER AS INVLOEDSPERSOON

Van die invloedspersone wat aan die skool verbonde is, te wete die skoolhoof, voorligter-, vak- en register-onderwyser, het die vakonderwyser die grootste invloed uitgeoefen.¹

Die invloed van die vakonderwyser verder in oënskou geneem, toon dat hy by die keuse van Bedryfskennis by seuns (29,03%) en U-kursusleerlinge (60%); Latyn by dogters (100%); en in Geskiedenis by U-kursusleerlinge (30%), die belangrikste invloedspersoon was. Voorts was hy die tweede belangrikste invloedspersoon by die keuse van Duits deur seuns (18,18%); Huishoudkunde by dogters (21,05%), U-kursusleerlinge (15,38%) en E-kursusleerlinge (24%); Geskiedenis by seuns (16,22%); Latyn by U-kursusleerlinge (25%); en Bedryfskennis by E-kursusleerlinge (23,08%).

In meeste vakke het die vakonderwyser derhalwe invloed op die keuse van vakke uitgeoefen. Slegs by uitsondering het hy geen invloed uitgeoefen nie, soos byvoorbeeld in Handel en Latyn by seuns; Duits, Wiskunde en Natuur- en Skeikunde by dogters; en Wiskunde, Natuur- en Skeikunde en Tik by E-kursusleerlinge. Alles in aanmerking geneem, is die totale invloed wat die vakonderwyser op vakkeuse uitgeoefen het by seuns 12,89%, by die dogters 10,5%, by U-kursusleerlinge 13,46% en by E-kursusleerlinge 10,48%.²

4.3.1.6 DIE VOORLIGTERONDERWYSER AS INVLOEDSPERSOON

Die voorligteronderwyser het slegs 'n geringe invloed by seuns, dogters en U- en E-kursusleerlinge uitgeoefen,³ terwyl hy by seuns geen invloed op die keuse van Duits, Latyn, Wiskunde, Biologie en Natuur- en Skeikunde; by dogters van Latyn, Handel, Wiskunde, Rekeningkunde en

-
1. Kyk tabel 13 ; vergelyk ook bylae 5, Afdeling B.
 2. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.3.1.1 aangedui.
 3. Kyk Bylae 5, Afdeling B ; vergelyk ook tabel 13.

Natuur- en Skeikunde; en by die U-kursusleerlinge van Duits, Aardrykskunde en Huishoudkunde uitgeoefen het nie. Dit bring die totale invloed deur die voorligteronderwyser uitgeoefen vir seuns op 3,52%, vir dogters op 2,50% en vir U-kursusleerlinge op 1,44% te staan.¹

Ten aansien van die E-kursusleerlinge was die invloed van die voorligteronderwyser ietwat hoër, naamlik gemiddeld 4,44%.

4.3.1.7 DIE SKOOLHOOF AS INVLOEDSPERSOON

Die ontleding van die tabelle toon dat die skoolhoof deurgaans 'n onbelangrike rol gespeel het in die beïnvloeding van leerlinge by die doen van 'n vakkeuse. Die invloed wat hy wel uitgeoefen het, was ietwat meer onder die seuns as by die dogters en U- en E-kursusleerlinge. Die totale invloed deur die skoolhoof uitgeoefen kom by seuns op 3,91%, by die dogters op 1,00% by U-kursusleerlinge op 3,37% en by E-kursusleerlinge op 2,02% te staan.²

4.3.1.8 DIE REGISTERONDERWYSER AS INVLOEDSPERSOON

Van al die betrokke invloedspersone het die registeronderwyser die geringste invloed by die doen van vakkeuses uitgeoefen.³ Onder die seuns het hy slegs by Geskiedenis en Rekeningkunde; onder die dogters en U-kursusleerlinge slegs by Wiskunde, en onder die E-kursusleerlinge by Geskiedenis en Rekeningkunde baie geringe invloed uitgeoefen. Alles in aanmerking geneem, het die registeronderwyser 'n totale invloed van 1,17% op die seuns, 0,5% op die dogters, 0,48% op die U-kursusleerlinge en 0,40% op die E-kursusleerlinge se vakkeuse uitgeoefen.⁴

-
1. Totale persentasie is bereken soos in paragraaf 4.3.1.1 aangetoon.
 2. Ibid.
 3. Kyk bylae 5, Afdeling B ; vergelyk ook tabel 13.
 4. Totale persentasie is bereken soos in paragraaf 4.3.1.1 uiteengesit.

4.3.1.9 EIE INISIATIEF

Die vakkeuse van die leerlinge berus in die laaste instansie grotendeels op hulself. Dit spreek vanself dat daar nie sonder meer aanvaar kan word dat die inisiatief los staan van ander beïnvloedende faktore nie, want al gee die respondent voor dat hy sy vakkeuse selfstandig gemaak het, is hierdie keuse onontrafelbaar verweef met bewuste en onbewuste beïnvloeding uit ander oorde. Die response op vraag 12¹ toon dat 50 of 43,86% respondente voorgee dat hulle hulle vakkeuse selfstandig gedoen het. Toe hulle egter afdeling B beantwoord het, was daar slegs by Aardryk-skunde 3, Handel 1, Huishoudkunde 2, Bedryfskennis 1, Biologie 3, Rekeningkunde 4, Natuur- en Skeikunde 3, Tik 1, Geskiedenis 2 en Wiskunde 3 respondente wat gesê het dat hulle genoemde vakke uit eie keuse geneem het. Uit hierdie gegewens blyk dit dat slegs 5% van die 43,86% respondente onder kruiskontrolle beaam het dat hulle 'n absolute selfstandige vakkeuse gemaak het.²

4.3.1.10 GEVOLGTREKKING

Dit blyk uit die voorgaande ontleding van die relatiewe invloed wat die verskillende invloedspersone op die vakkeuse van respondente uitgeoefen het, dat hulle in dalende orde van belangrikheid soos volg gerangskik kan word:

1. Vader en moeder.
2. 'n Persoon in 'n beroep waar die vak van belang is.
3. Maats
4. Broers of susters.
5. Vakonderwyser.
6. Eie keuse.

1. Kyk bylae 4, vraag 12.

2. Kyk tabel 13 ; vergelyk ook bylae 5, vraag 12.

7. Voorligteronderwyser.
8. Skoolhoof.
9. Registeronderwyser.

4.4. DIE VAK SELF AS BEÏNVLOEDENDE FAKTOR

Ten einde vas te stol of daar enkele aspekte, eienskappe, veranderlikes in die betrokke keusevakke self is wat vakkeuse beïnvloed, volg tabelle 14 tot 25. In hierdie tabelle word ten opsigte van elke keusevak 11 eienskappe ondersoek, naamlik

1. Die beroepswaarde van die vak.
2. Interessantheid van die vak.
3. Begrip van die stof vergemaklik bemeestering daarvan.
4. Dit is 'n leervak.
5. Noodsaaklikheid van vak vir uitvoering van toekomsplanne.
6. Dit is 'n vak waarvan respondente hou.
7. Die vak is moeilik.
8. Die waarde van die vak by die bestudering van ander vakke.
9. Die waarde van die vak in die arbeidsmark.
10. Die vak leer hom tot goeie prestasie.
11. Vak nie van ~~te~~ vore geneem nie.

In iedere tabel word teenoor elke veranderlike die aantal responsies en die persentasie wat dit vorm van die universum wat daardie vak gekies het, gegee, byvoorbeeld waar 11 leerlinge Duits gekies het, is die universum 11. As 1 uit 11 respondente veranderlike nommer 1 as beweegrede aandui dan verteenwoordig dit 9,09% van die universum.¹

Vir vergelykingsdoeleindes sal daar by iedere tabel slegs ten opsigte van die twee belangrikste beïnvloedende eienskappe in die bespreking fyner besonderhede verstrekk word.

1. Kyk tabel 14.

TABEL 14

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN DIE VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN DUIITS OP VAKKEUSE*

Veranderlikes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	% ²
1	1	9,09	-	-	1	5,26	-	-
2	-	-	-	-	-	-	-	-
3	-	-	-	-	-	-	-	-
4	2	18,18	3	37,5	5	26,32	-	-
5	-	-	-	-	-	-	-	-
6	1	9,09	-	-	1	5,26	-	-
7	-	-	-	-	-	-	-	-
8	3	27,27	2	25,00	5	26,32	-	-
9	4	36,36	3	37,50	7	36,84	-	-
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	11	99,99	8	100,00	19	100,00	-	-

*Kyk bylae 5, Afdeling C.

1. Sleutel tot veranderlikes: 1: As jy die vak verstaan is die leerwerk nie so moeilik nie. 2: Jy kan die vak leer, jy hoef dit nie te verstaan nie. 3: Die vak kan my help in die bestudering van my ander vakke. 4: Die vak kan my help in die beroep wat ek graag wil volg. 5: Die vak is maklik. 6: Die vak waarin ek die beste presteer het. 7: Die vak is vir my interessant. 8: Ek is verplig om die vak te kies in uitvoering van my toekomsplanne. 9: Ek hou van die vak. 10: As ek die vak in standerd 10 slaag, sal ek maklik 'n werk kry. 11: Hier kon leerlinge enige ander rede aangaande die vak genoem het waarom hulle die vak gekies het. Die enigste rede wat hulle verskaf het, was dat hulle die vak nie vantevore gehad het nie.

2. Geen keusevak vir E-kursus nie.

By ontleding van die gegewens in tabel 14 blyk dit dat die belangrikste eienskap van Duits wat leerlinge beïnvloed het om dit te kies, gevind word in die feit dat

4 of 36,36% seuns, 3 of 37,50% dogters en 7 of 36,84% U-kursusloerlinge van Duits hou, terwyl 3 of 37,50% dogters Duits neem omdat dit hulle kan help in 'n beoogde beroep. Voorts het 3 of 27,27% seuns, 2 of 25,00% dogters en 5 of 26,32% U-kursusleerlinge Duits gekies omdat dit essensieel vir uitvoering van hulle toekomsplanne is. Vir 2 of 25,00% dogters en 5 of 26,32% U-kursusleerlinge was die hoofmotive-ring vir hulle keuse van Duits die feit dat dit noodsaaklik vir 'n toekomstige beroep is.

Die ander redes waarom leerlinge Duits gekies het, oefen 'n baie geringer invloed uit.

TABEL 15

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN DIE VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN LATYN OP VAKKEUSE*

Veranderlikes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus ²	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	-	-	-	-	-	-	-	-
2	-	-	-	-	-	-	-	-
3	-	-	-	-	-	-	-	-
4	1	33,33	-	-	1	25,00	-	-
5	-	-	-	-	-	-	-	-
6	-	-	-	-	-	-	-	-
7	1	33,33	-	-	1	25,00	-	-
8	-	-	-	-	-	-	-	-
9	1	33,33	1	100,00	2	50,00	-	-
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	3	99,99	1	100,00	4	100,00	-	-

*Kyk bylae 5, Afdeling C.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 14.
2. Nie keusevak vir E-kursus nie.

Uit tabel 15 blyk dit dat die belangrikste positief beïnvloedende eienskap van Latyn t.a.v. vakkeuse vir 1 of 33,33% seuns, 1 of 100% dogters en 2 of 50% U-kursusleerlinge die feit was dat hulle van Latyn hou. Ewe belangrik was vir 1 of 33,33% seuns en 1 of 25,00% U-kursusleerlinge respektiewelik die interessantheid en die noodsaaklikheid van Latyn vir 'n toekomstige beroep. Geen ander redes word genoem waarom leerlinge Latyn gekies het nie.

TABEL 16

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN DIE VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN AARDRYKSKUNDE OP VAKKEUSE*

Veranderlikes	Seuns		Dogters		U-kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	7	24,14	4	20,00	6	20,69	5	25,00
2	3	10,34	4	20,00	4	13,79	3	15,00
3	-	-	-	-	-	-	-	-
4	5	17,24	1	5,00	4	13,79	2	10,00
5	-	-	-	-	-	-	-	-
6	1	3,45	-	-	-	-	1	5,00
7	6	20,69	9	45,00	8	27,59	7	35,00
8	4	13,79	1	5,00	5	17,24	-	-
9	1	3,45	1	5,00	1	3,45	1	5,00
10	2	2,69	-	-	1	3,45	1	5,00
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	29	100,00	20	100,00	29	100,00	20	100,00

*Kyk bylae 5, Afdeling C.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 14.

Volgens hierdie tabel blyk dit dat die belangrikste rede waarom 9 of 45% dogters, 8 of 27,59% U-kursusleerlinge en 7 of 35% E-kursusleerlinge Aardrykskunde gekies het, is omdat dit interessant is. By 7 of 24,24% seuns was die feit dat hulle die vak verstaan en dit maklik kan leer hoofsaak. Laasgenoemde rede word deur 4 of 20% dogters, 6 of 20,69% U-kursusleerlinge en 5 of 25% E-kursusleerlinge as tweede belangrikste rede genoem vir die keuse van Aardrykskunde. Ewe belangrik vir 6 of 20,69% seuns was die interessantheid van die vak, terwyl 4 of 20% dogters Aardrykskunde gekies het, omdat dit 'n leervak is. Geringer of geen invloed is deur die ander eienskappe van die vak uitgeoefen.

TABEL 17

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN DIE VERSKILLENDE
EIGNSKAPPE VAN HANDEL OP VAKKEUSE*

Verander- likes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus ²		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	3	13,04	5	17,86	-	-	8	15,69
2	9	39,13	10	35,71	-	-	19	37,25
3	1	4,35	-	-	-	-	1	1,96
4	6	26,09	5	17,86	-	-	11	21,57
5	2	8,70	-	-	-	-	2	3,92
6	-	-	-	-	-	-	-	-
7	1	4,35	5	17,86	-	-	6	11,76
8	1	4,35	3	10,71	-	-	4	7,84
9	-	-	-	-	-	-	-	-
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	23	100,00	28	100,00	-	-	51	99,99

*Kyk bylae 5, Afdeling C.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 14.
2. Nie keusevak vir U-kursus nie.

Volgens hierdie tabel blyk dit dat die belangrikste rede waarom 9 of 39,13% seuns, 10 of 35,71% dogters en 19 of 37,25% E-kursusleerlinge Handel gekies het, is omdat dit 'n leervak is. Die beroepswaarde van Handel word as tweede belangrikste beïnvloedende faktor deur 6 of 26,09% seuns, 5 of 17,86% dogters en 11 of 21,57% E-kursusleerlinge genoem. Voorts het die ander eienskappe geringer of geen invloed uitgeoefen nie.

TABEL 18

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN DIE VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN WISKUNDE OP VAKKEUSE*

Veranderlikes ¹	Seuns		Dogters		U-kursus		E-kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	2	6,45	1	20,00	3	8,82	-	-
2	-	-	-	-	-	-	-	-
3	1	3,23	-	-	1	2,94	-	-
4	12	38,71	2	40,00	12	35,29	2	100,00
5	-	-	-	-	-	-	-	-
6	-	-	-	-	-	-	-	-
7	2	6,45	-	-	2	5,88	-	-
8	9	29,03	2	40,00	11	32,35	-	-
9	3	9,68	-	-	3	8,82	-	-
10	2	6,45	-	-	2	5,88	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	31	100,00	5	100,00	34	99,98	2	100,00

*Kyk bylae 5, Afdeling C.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 14.

By die ontleding van tabel 18 blyk dit dat by 12 of 38,71% seuns, 2 of 40% dogters, 12 of 35,29% U-kursusleerlinge en 2 of 100% E-kursusleerlinge Wiskunde gekies het omdat dit hulle in 'n toekomstige beroep kan help, terwyl die tweede belangrikste rede by 9 of 29,03% seuns, 2 of 40% dogters en 11 of 32,35% U-kursusleerlinge gevind word in die feit dat leerlinge verplig was om Wiskunde te kies om sodoende uitvoering aan hulle toekomsplanne te gee. Voorts was die invloed van die ander eienskappe van Wiskunde geringer of het dit geen invloed in die keuse van Wiskunde uitgeoefen nie.

TABEL 19

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN DIE VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN BEDRYFSKENNIS OP VAKKEUSE*

Veranderlikes ¹	Seuns		Dogters ²		U-kursus		E-kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	4	12,90	-	-	1	20,00	3	11,54
2	2	6,45	-	-	-	-	2	7,69
3	-	-	-	-	-	-	-	-
4	6	19,35	-	-	1	20,00	5	19,23
5	4	12,90	-	-	-	-	4	15,38
6	3	9,68	-	-	1	20,00	2	7,69
7	6	19,35	-	-	1	20,00	5	19,23
8	-	-	-	-	-	-	-	-
9	6	19,35	-	-	1	20,00	5	19,23
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	31	99,98	-	-	5	100,00	26	99,99

*Kyk bylae 5, Afdeling C.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 14.
2. Nie keusevak vir dogters nie.

Ontleding van die tabel toon dat hy 9 of 19,35% seuns, 1 of 20% U-kursusleerlinge en 5 of 19,23% E-kursusleerlinge die beroepswaarde van die vak, die interessantheid daarvan en die mate wat leerlinge van die vak hou die belangrikste redes vir die keuse van die vak was. Die tweede belangrikste beïnvloedende eienskap van die vak was vir 4 of 12,90% seuns en 4 of 15,38% E-kursusleerlinge die maklikheid daarvan. Vervolgens het 1 of 20% van die U-kursusleerlinge die vak gekies omdat dit die vak was waarin hulle die beste presteer het. Die ander beïnvloedende eienskappe van die vak het geringe of geen invloed uitgeoefen nie.

TABEL 20

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN DIE VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN HUISHOUDKUNDE OP VAKKEUSE*

Veranderlikes ¹	Seuns ²		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	-	-	1	2,63	1	7,69	-	-
2	-	-	3	7,90	-	-	3	12,00
3	-	-	3	7,90	1	7,69	2	8,00
4	-	-	7	18,42	6	46,15	1	4,00
5	-	-	1	2,63	1	7,69	-	-
6	-	-	3	7,90	1	7,69	2	8,00
7	-	-	8	21,05	2	15,38	6	24,00
8	-	-	3	7,90	1	7,69	2	8,00
9	-	-	9	23,68	-	-	9	36,00
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	-	-	38	100,01	13	99,98	25	100,00

*Kyk bylae 5, Afdeling C.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 14.
2. Nie keusevak vir seuns nie.

Dit blyk uit die tabel dat die belangrikste eienskap van Huishoudkunde wat sekere leerlinge beïnvloed het om dit te kies, die feit is dat hulle daarvan hou, en wel vir 9 of 23,68% dogters en 9 of 36% E-kursusleerlinge. Hierteenoor het 6 of 46,15% U-kursusleerlinge dit gekies omdat die vak hulle in 'n toekomstige beroep kan help. Die ander eienskappe het slegs geringe of geen invloed uitgeoefen.

TABEL 21

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN DIE VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN BIOLOGIE OP VAKKEUSE*

Veranderlikes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	3	10,34	2	5,71	2	7,69	3	7,89
2	3	10,34	4	11,43	1	3,85	6	15,79
3	1	3,45	5	14,29	3	11,54	3	7,89
4	4	13,79	8	22,86	8	30,77	4	10,53
5	-	-	-	-	-	-	-	-
6	1	3,45	1	2,86	-	-	2	5,26
7	8	27,59	11	31,42	6	23,08	13	34,21
8	8	27,59	1	2,86	5	19,23	4	10,53
9	1	3,45	3	8,57	1	3,85	3	7,89
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	29	100,00	35	100,00	26	100,01	38	99,99

*Kyk bylae 5, Afdeling C.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 14.

Uit die tabel blyk dit dat die belangrikste eienskap van Biologie wat leerlinge beïnvloed het om dit te kies, is dat dit ininteressant is vir 8 of 27,59% seuns, 11 of 31,42% dogters en 13 of 34,21% E-kursusleerlinge; terwyl die belangrikste invloed by 8 of 30,77% U-kursusleerlinge is dat die vak noodsaaklik is ter uitvoering van hul toekomsplanne. Laasgenoemde is ook die belangrikste faktor vir 8 of 27,59% seuns. Die beroepswaarde van die vak was vir 4 of 13,79% seuns en 8 of 22,86% dogters die tweede belangrikste beïnvloedende faktor. By die E-kursusleerlinge het 6 of 15,79% as tweede belangrikste rede genoem dat hulle Biologie gekies het, omdat hulle dit kan leer en nie hoef te verstaan nie. Geringer of geen invloed is deur die ander eienskappe uitgeoefen.

TABEL 22

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN DIE VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN REKENINGKUNDE OP VAKKEUSE*

Veranderlikes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	9	25,71	5	33,33	10	38,46	4	16,67
2	-	-	-	-	-	-	-	-
3	1	2,86	1	6,67	1	3,85	1	4,18
4	9	25,71	8	53,33	5	19,23	12	50,00
5	4	11,43	-	-	2	7,69	2	8,33
6	-	-	-	-	-	-	-	-
7	-	-	-	-	-	-	-	-
8	3	8,57	1	6,67	4	15,38	-	-
9	4	11,43	-	-	3	11,54	1	4,18
10	5	14,29	-	-	1	3,85	4	16,67
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	35	100,00	15	100,00	26	100,00	24	100,03

*Kyk bylae 5, Afdeling C.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 14.

Volgens die tabel is die belangrikste eienskap van Rekeningkunde die beroepswaarde wat 9 of 25,71% seuns, 8 of 53,33% dogters en 12 of 50% E-kursusleerlinge beïnvloed het om dit te kies, terwyl 10 of 38,46% U-kursusleerlinge en 9 of 25,71% seuns dit gekies het omdat die leerwerk nie so moeilik is as hulle die vak verstaan nie. Laasgenoemde is die tweede belangrikste rede waarom 5 of 33,33% dogters en 4 of 16,67% E-kursusleerlinge die vak gekies het. Verder noem 5 of 14,29% seuns en 4 of 16,67% E-kursusleerlinge dat die vak hulle kan help om werk te kry. Voorts blyk dit dat daar 'n geringer invloed deur die ander eienskappe uitgeoefen was.

TABEL 23

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN DIE VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN GESKIEDENIS OP VAKKEUSE*

Veranderlikes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	-	-	-	-	-	-	-	-
2	9	24,32	4	40,00	4	30,77	9	26,47
3	1	2,70	-	-	-	-	1	2,94
4	-	-	-	-	-	-	-	-
5	2	5,40	-	-	-	-	2	5,88
6	-	-	-	-	-	-	-	-
7	17	45,95	3	30,00	5	38,46	15	44,12
8	8	21,62	1	10,00	3	23,07	6	17,65
9	-	-	2	20,00	1	7,69	1	2,94
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	37	99,99	10	100,00	13	99,99	34	100,00

*Kyk bylae 5, Afdeling C.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 14.

Dit blyk uit tabel 23 dat die belangrikste beïnvloedende eienskap van Geskiedenis is dat dit interessant is vir 17 of 45,95% seuns, 5 of 38,46% U-kursusleerlinge en 15 of 44,12% E-kursusleerlinge, terwyl 4 of 40% dogters die feit dat dit by uitstek 'n leervak is as belangrikste rede genoem het. Laasgenoemde rede word deur 9 of 24,32% seuns 4 of 30,77% U-kursusleerlinge en 9 of 26,47% E-kursusleerlinge as tweede belangrikste genoem, terwyl 3 of 30% dogters Geskiedenis gekies het omdat dit interessant is. 'n Derde belangrike faktor by die keuse van Geskiedenis is vir 8 of 21,62% seuns en 6 of 17,65% E-kursus leerlinge dat hulle van die vak hou. Die orige eienskappe het slegs 'n geringe of geen invloed op die keuse van Geskiedenis uitgeoefen.

TABEL 24

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN DIE EIENSKAPPE VAN
NATUUR- EN SKEIKUNDE OP VAKKEUSE*

Verander- likes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	6	22,22	-	-	6	19,35	-	-
2	-	-	-	-	-	-	-	-
3	4	14,81	-	-	4	12,90	-	-
4	9	33,33	2	50,00	11	35,48	-	-
5	-	-	-	-	-	-	-	-
6	-	-	-	-	-	-	-	-
7	5	18,52	2	50,00	7	22,58	-	-
8	-	-	-	-	-	-	-	-
9	3	11,11	-	-	3	9,68	-	-
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	27	99,99	4	100,00	31	99,99	-	-

*Kyk bylae 5, Afdeling C.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 14.

Volgens die tabel is die belangrikste beïnvloedende eienskap van Natuur- en Skeikunde die beroepswaarde van die vak wat 9 of 33,33% seuns, 2 of 50% dogters en 11 of 35,48% U-kursusleerlinge beïnvloed het om dit te kies. Die tweede belangrikste rede wat genoem word is uiteenlopend van aard: 6 of 22,22% seuns het dit gekies omdat hulle die vak maklik onthou as hulle dit verstaan, terwyl 2 of 50% dogters en 7 of 22,58% U-kursusleerlinge die vak gekies het omdat dit interessant is. Voorts het die ander eienskappe min of geen invloed op die keuse van hierdie vak uitgeoefen.

TABEL 25

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIGENSAPPE VAN TIK OP VAKKEUSE*

Veranderlikes ¹	Seuns ²		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	-	-	2	3,56	-	-	2	7,14
2	-	-	-	-	-	-	-	-
3	-	-	-	-	-	-	-	-
4	-	-	12	33,33	-	-	12	42,86
5	-	-	6	16,67	2	25,00	4	14,29
6	-	-	2	5,56	1	12,5	1	3,57
7	-	-	-	-	-	-	-	-
8	-	-	1	2,78	-	-	1	3,57
9	-	-	9	25,00	5	62,5	4	14,29
10	-	-	4	11,11	-	-	4	14,29
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	-	-	36	100,01	8	100,00	28	100,01

*Kyk bylae 5, Afdeling C.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 14.
2. Nie keusevak vir seuns nie.

Hierdie tabel toon dat 12 of 33,33% dogters en 12 of 42,86% E-kursusleerlinge Tik gekies het omdat die vak hulle kan help in 'n toekomstige beroep, terwyl 5 of 62% U-kursusleerlinge Tik gekies het omdat hulle daarvan hou. Laasgeneemde word deur 9 of 25% dogters en 4 of 14,29% E-kursusleerlinge as tweede belangrikste rede genoem. By die E-kursusleerlinge noem 4 of 14,29% ook dat die vak op die arbeidsmark in aanvraag is, as rede waarom hulle dit gekies het. Hiernaas het 2 of 25% U-kursusleerlinge dit gekies omdat dit maklik is. Voorts het die ander eienskappe geringe of geen invloed uitgeoefen.

TABEL 26

VERGELYKING VAN RELATIEWE INVLOED VAN DIE VERSKILLENDE
EIENSKAPPE OP DIE KEUSE VAN DIE TWAALF KEUSE VAKKE GESAMENTLIK*

Veranderlikes ¹	Universum ²	Persentasie ³
1	55	12,06
2	51	11,18
3	18	3,95
4	102	22,37
5	19	4,17
6	12	2,63
7	84	18,42
8	51	11,18
9	51	11,18
10	13	2,85
11	-	-
TOTAAL	456	99,99

*Kyk bylae 5, Afdeling C.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 14.
2. Die universum is 456 omdat elk van die 114 respondente vier keusevakke het waarby hulle moontlik beïnvloed kon word.
3. Persentasie bereken op universum van 456.

Die gegewens uit hierdie tabel toon dat 22,37% leerlinge vakke gekies het, wat vir hulle in toekomstige beroep van hulp kan wees. Die tweede belangrikste rede, en wel vir 18,42% leerlinge was dat die vakke interessant is. Voorts word 'n ewe belangrike rol deur die volgende vier eienskappe gespeel, naamlik die leerwerk is nie moeilik as die vak verstaan word nie (12,06%), die vak is 'n leervak wat nie verstaan hoef te word nie (11,18%), die vak is noodsaaklik vir die uitvoering van toekomsplanne (11,18%) en omdat respondente van die vak hou (11,18%).

Opvallend is die lae persentasie (2,63%) leerlinge wat vakke gekies het omdat hulle die beste daarin presteer het. Min leerlinge (3,95%) het ook 'n vak gekies omdat dit hulle kon help in die bestudering van ander vakke. Voorts het slegs 4,17% leerlinge vakke gekies wat vir hulle maklik is, terwyl slegs 2,85% leerlinge vakke gekies het omdat hulle reken dat dié vakke hulle sal help om maklik werk te kry.

4.4.1 NADERE BESKOUIING VAN FAKTORE WAT INVLOED OP VAKKEUSE UITGEOEFEN HET

Ten einde meer lig op die relatiewe invloed van die faktore te werp, sal die volgende van nader beskou word: die beroepswaarde van die vak, die interessantheid van die vak, begrip van die stof vergemaklik bemeestering daarvan, dit is 'n leervak, noodsaaklikheid van die vak vir uitvoering van toekomsplanne, dit is 'n vak waarvan respondente hou, die vak is maklik, die waarde van die vak by die bestudering van ander vakke, die waarde van die vak in die arbeidsmark en die vak leen hom tot goeie prestasie.

4.4.1.1 DIE BEROEPSWAARDE VAN DIE VAK

Uit die voorgaande tabelle blyk dit dat die bydrae wat die vak tot 'n toekomstige beroep kan lewer die belangrikste eienskap van 'n vak is wat vakkeuse beïnvloed.¹ Voorbeelde hiervan is Latyn by 1 of 33,33% seuns; Duits by 3 of 37,5% dogters; Wiskunde by 12 of 38,71% seuns, 2 of 40% dogters, 12 of 35,2% U-kursusleerlinge en 2 of 100% E-kursusleerlinge; Rekeningkunde by 9 of 25,71% seuns, 8 of 53,33% dogters en 12 of 50% E-kursusleerlinge; Natuur- en Skeikunde by 9 of 33,33% seuns, 2 of 50% dogters en by 11 of 35,48% U-kursusleerlinge; en Tik by 12 of 33,33% dogters en 12 of 42,86% E-kursusleerlinge.

1. Kyk bylae 5, Afdeling C ; vergelyk ook tabel 26.

Voorts was beroepswaarde by die volgende vakke die tweede belangrikste invloedsfaktor, naamlik Handel by 6 of 26,09% seuns, 5 of 17,86% dogters en 11 of 21,57% E-kursusleerlinge; Biologie by 8 of 13,79% seuns en by 8 of 22,86% dogters; Latyn by 1 of 25% U-kursusleerlinge, en Rekeningkunde by 5 of 19,23% U-kursusleerlinge.

Nadere ontleding van die gegewens toon dat die beroepswaarde van Geskiedenis en Aardrykskunde, volgens respondente, die geringste invloed uitgeoefen het. Die globale invloed wat deur die beroepswaarde van vakke uitgeoefen was, was by seuns 21,0%, by dogters 24,00%, by U-kursusleerlinge 25,48% en by E-kursusleerlinge 19,76%.¹

1. Totale persentasie word as volg bereken:

Die aantal seuns wat by elke vak deur veranderlike nommer vier (Die vak kan my help in die beroep wat ek graag wil volg) beïnvloed was om die vak te kies, word bymekaar getel. Voorts word die aantal seuns wat die betrokke vakke gekies het ook bymekaar getel. Die verhouding word dan as 'n persentasie aangedui, byvoorbeeld

Duits: 2 van die 11 seuns wat Duits gekies het, noem veranderlike nommer 4.

Latyn: 1 van die 3 seuns wat Latyn gekies het, noem veranderlike nommer 4.

Aardrykskunde: 5 van die 29 seuns wat Aardrykskunde gekies het, noem veranderlike nommer 4.

Handel: 6 van die 23 seuns wat Handel gekies het, noem veranderlike nommer 4.

Wiskunde: 12 van die 31 seuns wat Wiskunde gekies het, noem veranderlike nommer 4.

Bedryfskennis: 6 van die 31 seuns wat Bedryfskennis gekies het, noem veranderlike nommer 4.

Biologie: 4 van die 29 seuns wat Biologie gekies het, noem veranderlike nommer 4.

Rekeningkunde: 9 van die 35 seuns wat Rekeningkunde gekies het, noem veranderlike nommer 4.

Geskiedenis: 0 van die 37 seuns wat Geskiedenis gekies het noem veranderlike nommer 4.

Natuur- en Skeikunde: 9 van die 27 seuns wat Natuur- en Skeikunde gekies het, noem veranderlike nommer 4.

Totaal: 54 van die 256 seuns wat vakke gekies het, was deur die beroepswaarde van die vak beïnvloed, wat die totale invloed op 21,00% te staan bring. Die totale invloed op dogters, U-kursusleerlinge en E-kursusleerlinge word op dieselfde wyse bereken.

4.4.1.2 DIE INTERESSANTHEID VAN DIE VAK

Volgens voorgaande responsieontleding is die interessantheid van vakke die tweede belangrikste eienskap wat vakkeuse beïnvloed¹ het en wel ten opsigte van Latyn by 1 of 33,33% seuns; Aardrykskunde by 9 of 45% dogters, by 8 of 27,59% U-kursusleerlinge en by 7 of 35% E-kursusleerlinge; Bedryfskennis by 6 of 19,35% seuns, by 1 of 20% U-kursusleerlinge en by 5 of 19,23% E-kursusleerlinge; Biologie by 8 of 27,59% seuns en by 13 of 34,21% E-kursusleerlinge; Natuur- en Skeikunde by 2 of 50% dogters; en Geskiedenis by 17 of 45,95% seuns, by 5 of 38,6% U-kursusleerlinge en by 15 of 44,12% E-kursusleerlinge.

Hierbenewens was die interessantheid van die vak die tweede belangrikste beïnvloedende faktor ten opsigte van Aardrykskunde by 6 of 20,69% seuns; Handel by 5 of 17,86% dogters; Latyn by 1 of 25% U-kursusleerlinge; Huishoudkunde by 8 of 21,05% dogters, by 2 of 15,38% U-kursusleerlinge en by 6 of 24% E-kursusleerlinge; Geskiedenis by 3 of 30% dogters; Biologie by 6 of 23,08% U-kursusleerlinge; en Natuur- en Skeikunde by 7 of 22,58% U-kursusleerlinge. Dit blyk voorts dat geen respondente Duits, Rekeningkunde en Tik vanweë hulle interessantheid gekies het nie. Al die vakke in aanmerking geneem, toon dat die totale invloed van die interessantheid van die vak op vakkeuse by seuns 17,99%, by dogters 19,00%, by U-kursusleerlinge 15,39% en by E-kursusleerlinge 20,97%² was.

4.4.1.3 BEGRIP VAN DIE STOF VERGEMAKLIK BEMEESTERING DAARVAN

Volgens tabelle 14 tot 26 is die feit dat die leerstof in die vak maklik bemeester kan word as die leerlinge dit verstaan die belangrikste beïnvloedende faktor by die keuse van Aardrykskunde by 7 of 24,24% seuns; van Rekening-

-
1. Kyk bylae 3, Afdeling C ; vergelyk ook tabel 26.
 2. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.4.1.1 aangedui.

kunde by 9 of 25,71% seuns en by 10 of 38,46% U-kursusleerlinge; en van Bedryfskennis by 10 of 20% U-kursusleerlinge. Voorts was dit die tweede belangrikste faktor by die keuse van Natuur- en Skeikunde by 6 of 22,22% seuns; Bedryfskennis by 4 of 12,90% seuns; Aardrykskunde by 4 of 20% dogters, 6 of 20% U-kursusleerlinge en 5 of 25,00% E-kursusleerlinge; Handel by 5 of 17,86% dogters; en Rekeningkunde by 5 of 33,33% dogters en 4 of 16,67% E-kursusleerlinge.

Hierdie eienskap het geringer invloed by die keuse van die ander vakke uitgeoefen, terwyl dit by die keuse van Latyn en Geskiedenis niemand beïnvloed het nie. In sy geheel gesien is die totale invloed daarvan by seuns 13,67%, by dogters 10,00% by U-kursusleerlinge 14,42% en by E-kursusleerlinge 10,08%.¹

4.4.1.4 DIT IS 'N LEERVAK

Die voorgaande tabelle toon aan dat die feit dat 'n vak maklik geleer kan word en nie soseer verstaan hoef te word nie, die belangrikste beïnvloedende faktor wat in die vak self setel; was by die keuse van Handel by 9 of 39,13% seuns, by 10 of 35,71% dogters en by 19 of 37,25% E-kursusleerlinge en van Geskiedenis by 4 of 40% dogters. Voorts was dit die tweede belangrikste beïnvloedende faktor by die keuse van Geskiedenis by 9 of 24,32% seuns, by 4 of 30,77% U-kursusleerlinge en by 9 of 26,47% E-kursusleerlinge; van Aardrykskunde by 4 of 20% dogters; en van Biologie by 6 of 15,79% E-kursusleerlinge.

Dit blyk voorts dat hierdie eienskap geen invloed t.a.v. Duits, Latyn, Wiskunde, Rekeningkunde, Natuur- en Skeikunde en Tik uitgeoefen het nie. Die totale invloed van hierdie faktor is by seuns 10,16%, by dogters 12,50%, by U-kursusleerlinge 4,33% en by E-kursusleerlinge 16,94%.²

-
1. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.4.1.1 verduidelik.
 2. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.4.1.1 aangedui.

4.4.1.5 NOODSAAKLIKHEID VAN DIE VAK VIR UITVOERING VAN TOEKOMSPLANNE

Volgens voorgaande gegewens blyk dit dat die noodsaaklikheid van 'n vak vir die uitvoering van leerlinge se toekomsplanne die belangrikste invloedsfaktor, inherent aan die vak, by die keuse was van Biologie by 8 of 27,59% seuns en 8 of 30,77% U-kursusleerlinge en van Wiskunde by 2 of 40% dogters, terwyl dit die tweede belangrikste beïnvloedende faktor was by die keuse van Duits by 3 of 27,27% seuns en by 5 of 26,32% U-kursusleerlinge, en van Wiskunde by 9 of 29,03% seuns en 11 of 32,35% U-kursusleerlinge was. Voorts het hierdie eienskap geen invloed op die keuse van Latyn, Bedryfskennis en Natuur- en Skeikunde uitgeoefen nie. In die geheel gesien was die invloed wat deur hierdie faktor uitgeoefen is, by seuns 14,06%, by dogters 7,50%, by U-kursusleerlinge 16,35% en by E-kursusleerlinge 6,86%.¹

4.4.1.6 DIT IS 'N VAK WAARVAN RESPONDENTE HOU

Dit is nie uit die responsies moontlik om te verklaar waarom respondente van die vak "hou" nie. Dit is trouens 'n onbegonne taak om uit die beskikbare gegewens die betekenis van "hou" te presiseer. Daar word derhalwe volstaan met die term "hou" as omvattende aanduiding dat die vak by die respondente aangename en positiewe gewaarwordings wek. Volgens tabelle 14 - 26 was die aangenaamheid van die vak die belangrikste inherente beïnvloedende faktor ten opsigte van die keuse van Duits by 4 of 36,36% seuns, by 3 of 37,35% dogters en by 7 of 36,84% U-kursusleerlinge; van Latyn by 1 of 33,33% seuns, by 1 of 100% dogters en 2 of 50% U-kursusleerlinge; van Bedryfskennis by 9 of 19,35% seuns, by 1 of 20% U-kursusleerlinge en by 5 of 19,23% E-kursusleerlinge; van Huishoudkunde by 9 of 23,68% dogters en by 9 of 36,00% E-kursusleerlinge; en van Tik by 5 of 62,50% U-kursusleer-

1. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.4.1.1 aangedui.

linge. Dit was die tweede belangrikste beïnvloedende faktor by die keuse van Rekeningkunde deur 5 of 14,29% seuns en van Tik deur 9 of 25% dogters en 4 of 14,29% E-kursusleerlinge.

Voorts het hierdie faktor geen invloed op die keuse van Handel uitgeoefen nie. Globaal gesien was die invloed van hierdie eienskap by seuns 8,98%, by dogters 14,00%, by U-kursusleerlinge 12,98% en by E-kursusleerlinge 5,65%.

4.4.1.7 DIE VAK IS MAKLIK, AS INVLOEDSFAKTOR

Ook "maklik" is 'n omvattende algemene term met verskillende moontlike skakerings van betekenis vir verskillende respondente. Vir die doeleindes van hierdie studie is deur middel van onderhoude met respondente vasgestel dat dit daarop dui dat die leerstof geredelik deur herhaling bemeester kan word. Dit blyk uit die voorgaande tabelle dat die maklikheid van 'n vak 'n baie geringe invloed op vakkeuse uitgeoefen het.¹ By Duits, Latyn, Aardrykskunde, Wiskunde, Biologie en Natuur- en Skeikunde het dit volgens respondente geen invloed uitgeoefen nie en die totale invloed van hierdie faktor was by seuns 4,69%, by dogters 3,5%, by U-kursusleerlinge 2,40% en by E-kursusleerlinge 5,64%.²

4.4.1.8 DIE WAARDE VAN DIE VAK BY DIE BESTUDERING VAN ANDER VAKKE

Ontleding van die tabelle toon dat die keuse van 'n vak, omdat dié vak leerlinge kan help in die bestudering van ander vakke, 'n baie geringe invloed uitgeoefen het op vakkeuse. By die keuse van Latyn, Duits, Aardrykskunde, Bedryfskennis en Tik het dit geen invloed uitgeoefen nie en die totale invloed van hierdie faktor was by seuns 3,55%, by dogters 4,50%, by U-kursusleerlinge 4,81% en by E-kursusleerlinge 3,23%.³

-
1. Kyk bylae 5, Afdeling C ; vergelyk ook tabel 26.
 2. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.4.1.1 verduidelik.
 3. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.4.1.1 aangedui.

4.4.1.9 WAARDE VAN DIE VAK IN DIE ARBEIDSMARK

Volgens die responsies blyk dit dat die keuse van 'n vak vanweë sy waarde om werk te kry, 'n baie geringe invloed op die vakkeuse uitgeoefen het. Dit het naamlik geen invloed by die keuse van Duits, Latyn, Handel, Bedryfskennis, Huishoudkunde, Biologie, Geskiedenis en Natuur- en Skeikunde uitgeoefen nie en die totale invloed daarvan op vakkeuse is slegs 3,55% by seuns, 2,00% by dogters, 1,92% by U-kursusleerlinge en 3,63% by E-kursusleerlinge.¹

4.4.1.10 DIE VAK LEEN HOM TOT GOEIE PRESTASIE

Volgens tabelle 14 tot 26 is die feit dat respondente in 'n bepaalde vak die beste presteer het slegs 'n geringe beïnvloedende faktor by vakkeuse. Dit het trouens geen invloed by die keuse van Latyn, Handel, Wiskunde, Rekeningkunde, Geskiedenis en Natuur- en Skeikunde uitgeoefen nie en die totale invloed is 2,34% by seuns, 3,00% by dogters, 1,92% by U-kursusleerlinge en 3,25% by E-kursusleerlinge.²

4.4.1.11 GEVOLGTREKKING

Dit blyk uit die voorgaande ontleding van die relatiewe invloed wat die verskillende positiewe eienskappe van vakke op die vakkeuse van respondente uitgeoefen het, dat hulle in dalende orde van belangrikheid soos volg gerangskik kan word:³

1. Beroepswaarde.
2. Interessantheid van die vak.
3. Begrip van die leerstof vergemaklik die bemeestering daarvan.

1. Ibid.
2. Ibid.
3. Vergelyk tabel 26.

4. (a) Dit is 'n leervak.¹
- (b) Noodsaaklikheid van die vak vir uitvoering van toekomsplanne.
- (c) Respondente hou van die vak.
5. Die vak is maklik.
6. Die waarde van die vak by die bestudering van ander vakke.
7. Waarde van vak in arbeidsmark.
8. Die vak leen hom tot goeie prestasie.

4.5 FAKTORE IN DIE VAK SELF WAT DAARTOE BYGEDRA HET DAT LEERLINGE DIE VAK NIE GEKIES HET NIE

In die volgende reeks tabelle word sekere veranderlikes in die keusevakke ondersoek ten einde vas te stel waarom sekere leerlinge sommige vakke nie gekies het nie. Aangesien daar so'n groot verskeidenheid veranderlikes is en hulle invloed so uiteenlopend is, sal slegs die twee belangrikste beïnvloedende eienskappe van elke vak in alle tabelle in aanmerking geneem word, terwyl ander verskille slegs vermeld sal word waar hulle invloed opvallend is.

1. By eienskappe 4(a), 4(b) en 4(c) was die invloed presies dieselfde.

TABEL 27

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE
EIE SKAPPE VAN DUIDS WAT SEUNS, DOGTERS, EN U- EN E-KURSUS-
LEERLINGE BEINVLOED HET OM DIT NIE TE KIES NIE*

Verander- likes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	5 ²	21,74 ⁴	3	30,00	8	24,24	-	-
2	6	26,09	1	10,00	7	21,21	-	-
3	-	-	-	-	-	-	-	-
4	-	-	-	-	-	-	-	-
5	2	8,70	-	-	2	6,06	-	-
6	-	-	-	-	-	-	-	-
7	2	8,70	3	30,00	5	15,15	-	-
8	4	17,40	3	30,00	7	21,21	-	-
9	1	4,35	-	-	1	3,03	-	-
10	1	4,35	-	-	1	3,03	-	-
11	2	8,70	-	-	2	6,06	-	-
TOTAAL	23 ³	100,03	10	100,00	33	99,99	-	-

*Kyk bylae 5, Afdeling D.

1. Sleutel tot veranderlikes:
 - 1: Die vak waarin ek die swakste presteer het.
 - 2: Die vak is nie nodig vir my toekomsplanne nie.
 - 3: Die vak self is oninteressant.
 - 4: Jy kan die vak nie leer nie, jy moet dit verstaan.
 - 5: Die vak is moeilik.
 - 6: Die vak kan my nie help in die bestudering van my ander vakke nie.
 - 7: Die vak kan my nie help in die beroep wat ek wil volg nie.
 - 8: Ek hou nie van die vak nie.
 - 9: As jy nie die vak verstaan nie, is die leerwerk moeilik.
 - 10: Na standerd 10 kan die vak my nie help om werk te kry nie.
 - 11: Vak van te vore nie gehad nie.
2. Die aantal toetslinge wat verklaar dat die betrokke faktor 'n negatiewe invloed op hulle vakkeuse uitgeoefen het.
3. Die universum wat negatiewe invloed van inherente faktore ten opsigte van Duits vermeld het.
4. Die persentasie wat 5 is van 23.

Na aanleiding van die gegewens in die tabel blyk dit dat die belangrikste redes waarom leerlinge Duits nie gekies het nie, daarin geleë is dat Duits nie nodig is vir toekomsplanne nie (6 of 26,09% seuns), respondente die swakste daarin presteer het (3 of 30% dogters en 8 of 24,24% U-kursusleerlinge), Duits nie nodig is vir beoogde beroepe nie (3 of 30% dogters) en dat respondente nie van die vak hou nie (3 of 30% dogters). Die tweede belangrikste rede waarom Duits nie gekies is nie, is omdat dié die vak is waarin respondente die swakste presteer het (5 of 21,74% seuns) en omdat dit nie nodig is vir toekomsplanne nie (7 of 21,21% U-kursusleerlinge en 1 of 10% dogters) terwyl 7 of 21,21% U-kursusleerlinge ook nie van die vak hou nie. Die ander eienskappe het geringer of geen invloed uitgeoefen nie.

TABEL 28

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN LATYN WAT LEERLINGE BEÏNVLOED HET OM DIT NIE TE KIES NIE*

Veranderlikes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	8	25,81	4	23,53	12	25,00	-	-
2	8	25,81	2	11,76	10	20,83	-	-
3	2	6,45	1	5,88	3	6,25	-	-
4	-	-	-	-	-	-	-	-
5	5	16,13	4	23,53	9	18,75	-	-
6	1	3,23	2	11,76	3	6,25	-	-
7	2	6,45	3	17,65	5	10,42	-	-
8	2	6,45	-	-	2	2,08	-	-
9	-	-	1	5,88	1	1,04	-	-
10	2	6,45	-	-	2	2,08	-	-
11	1	3,23	-	-	1	1,04	-	-
TOTAAL	31	100,01	17	99,99	48	99,99	-	-

*Kyk bylae 5, Afdeling D.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 27.

Die tabel toon dat die belangrikste rede waarom 8 of 25,81% seuns, 4 of 21,53% dogters en 12 of 25% U-kursusleerlinge Latyn nie gekies het nie, is omdat dit die vak is waarin hulle die swakste presteer het. Ewe belangrik vir 4 of 21,53% dogters is die feit dat die vak vir hulle moeilik is en vir 8 of 25,81% seuns is die vak onnodig vir hulle toekomsplanne. Die tweede belangrikste rede waarom 5 of 16,13% seuns nie Latyn gekies het nie, is omdat die vak moeilik is, terwyl 3 of 17,65% dogters dit nie benodig vir 'n toekomstige beroep nie en Latyn nie inpas by 10 of 20,83% U-kursusleerlinge se toekomsplanne nie. Origens het die ander eienskappe geringer of geen invloed uitgeoefen nie.

TABEL 29

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN AARDRYKSKUNDE WAT LEERLINGE BEÏNVLOED HET OM DIT NIE TE KIES NIE*

Veranderlikes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	-	-	3	10,00	-	-	3	7,14
2	11	31,43	5	16,67	5	21,74	11	26,19
3	3	8,57	1	3,33	-	-	4	9,52
4	-	-	2	6,67	-	-	2	4,76
5	3	8,57	-	-	-	-	3	7,14
6	2	5,71	3	10,00	1	4,35	4	9,52
7	5	14,29	4	13,33	5	21,74	4	9,52
8	4	11,43	12	40,00	8	34,78	8	19,05
9	1	2,86	-	-	-	-	1	2,38
10	5	14,29	-	-	4	17,39	1	2,38
11	1	2,86	-	-	-	-	1	2,38
TOTAAL	35	100,01	30	100,00	23	100,00	42	99,98

*Kyk bylae 5, Afdeling D.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 27.

Uit die tabel blyk dit dat die belangrikste rede waarom 11 of 31,43% seuns en 11 of 26,19% E-Kursusleerlinge Aardrykskunde nie gekies het nie, is omdat dit onnodig is vir hulle toekomsplanne en dat 12 of 40% dogters en 8 of 34,78% U-kursusleerlinge nie van die vak hou nie en dit dus nie gekies het nie. Die tweede belangrikste rede vir 5 of 14,29% seuns en 5 of 21,74% U-kursusleerlinge is die onnodigheid van die vak vir 'n toekomstige beroep, terwyl 5 of 16,67% dogters en 5 of 21,74% U-kursusleerlinge beweer dat die vak onnodig is vir die toekoms en 8 of 19,05% E-kursusleerlinge hou nie van die vak nie. Voorts het die ander eienskappe 'n geringer invloed uitgeoefen.

TABEL 30

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN HANDEL WAT LEERLINGE BEINVLOED HET OM DIT NIE TE KIES NIE*

Veranderlikes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus ²		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	1	14,29	-	-	-	-	1	9,09
2	-	-	-	-	-	-	-	-
3	3	42,86	1	25,00	-	-	4	36,36
4	-	-	1	25,00	-	-	1	9,09
5	1	14,29	-	-	-	-	1	9,09
6	-	-	-	-	-	-	-	-
7	-	-	-	-	-	-	-	-
8	2	28,57	2	50,00	-	-	4	36,36
9	-	-	-	-	-	-	-	-
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	7	100,01	4	100,00	-	-	11	99,99

*Kyk bylae 5, Afdeling D.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 27.
2. Nie keusevak vir U-kursus nie.

Dit blyk uit voorgaande tabel dat die belangrikste rede waarom leerlinge Handel nie gekies het, is omdat die vak vir 3 of 42,86% seuns en 4 of 36,36% E-kursusleerlinge oninteressant is en omdat 2 of 50% dogters en 4 of 36,36% E-kursusleerlinge nie van Handel hou nie. Die res van die eienskappe het feitlik geen invloed uitgeoefen nie.

TABEL 31

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN WISKUNDE WAT LEERLINGE BEINVLOED HET OM DIT NIE TE KIES NIE*

Veranderlikes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	11	33,33	9	20,00	6	33,33	14	23,33
2	1	3,03	2	4,44	1	5,56	2	3,33
3	1	3,03	1	2,22	1	5,56	1	1,67
4	10	30,30	11	24,44	4	22,22	17	28,33
5	5	15,15	16	35,55	4	22,22	17	28,33
6	-	-	1	2,22	-	-	1	1,67
7	2	6,06	1	2,22	1	5,56	2	3,33
8	1	3,03	3	6,66	1	5,56	3	5,00
9	2	6,06	1	2,22	-	-	3	5,00
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	33	99,99	45	99,97	18	100,01	60	99,99

*Kyk bylae 5, Afdeling D.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 27.

Volgens hierdie tabel blyk dit dat die belangrikste rede waarom 11 of 3,33% seuns en 6 of 33,33% U-kursusleerlinge Wiskunde nie gekies het nie, was omdat hulle swak in Wiskunde presteer het, terwyl 16 of 35,55% dogters en 17 of 28,28% E-kursusleerlinge dit nie gekies het nie, omdat

Wiskunde vir hulle moeilik is. Voorts het 17 of 28,33% E-kursusleerlinge aangevoer dat hulle Wiskunde nie kan gaan leer nie, maar moet verstaan. Laasgenoemde is ook die tweede belangrikste rede waarom 10 of 30% seuns en 11 of 24,44% dogters Wiskunde nie gekies het nie, terwyl 14 of 23,33% E-kursusleerlinge te swak presteer het om dit te kies. Geringer of geen invloed is deur die ander eienskappe uitgeoefen.

TABEL 32

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN BEDRYFSKENNIS WAT LEERLINGE BEINVLOED HET OM DIT NIE TE KIES NIE*

Veranderlikes ¹	Seuns		Dogters ²		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal ²	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	5	15,15	-	-	4	13,79	1	25,00
2	6	18,18	-	-	6	20,69	-	-
3	5	15,15	-	-	5	17,24	-	-
4	-	-	-	-	-	-	-	-
5	-	-	-	-	-	-	-	-
6	2	6,06	-	-	2	6,90	-	-
7	7	21,21	-	-	6	20,69	1	25,00
8	6	18,18	-	-	4	13,79	2	50,00
9	-	-	-	-	-	-	-	-
10	2	6,06	-	-	2	6,90	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	33	99,99	-	-	29	100,00	4	100,00

*Kyk bylae 3, Afdeling D.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 27.
2. Nie keusevak vir dogters nie.

Dié tabel toon dat die belangrikste rede waarom 7 of 21,21% seuns en 6 of 20,69% U-kursusleerlinge Bedryfskennis nie gekies het nie, is omdat dit hulle nie kan help in 'n

toekomstige beroep nie, terwyl dieselfde persentasie (20,69%) U-kursusleerlinge dit weer nie nodig het vir uitvoering van hulle toekomsplanne nie. Die belangrikste rede waarom 2 of 50% E-kursusleerlinge die vak nie gekies het nie, is omdat hulle nie van die vak hou nie. Voorts het 6 of 18,18% seuns nie die vak gekies nie, omdat hulle nie van die vak hou nie en omdat dit nie nodig is vir uitvoering van hul toekomsplanne nie. Geringer en geen invloed word deur die ander eienskappe uitgeoefen.

TABEL 33

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN HUISHOUDKUNDE WAT LEERLINGE BEÏNVLOED HET OM DIT NIE TE KIES NIE*

Veranderlikes ¹	Seuns ²		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	-	-	-	-	-	-	-	-
2	-	-	1	8,33	1	20,00	-	-
3	-	-	1	8,33	-	-	1	14,29
4	-	-	-	-	-	-	-	-
5	-	-	1	8,33	-	-	1	14,29
6	-	-	2	16,67	1	20,00	1	14,29
7	-	-	3	25,00	2	40,00	1	14,29
8	-	-	4	33,33	1	20,00	3	42,87
9	-	-	-	-	-	-	-	-
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	-	-	12	99,99	5	100,00	7	100,03

*Kyk bylae 5, afdeling D.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 27.
2. Nie keusevak vir seuns nie.

Volgens hierdie tabel het 4 of 33,33% dogters en 3 of 42,87% E-kursusleerlinge Huishoudkunde nie gekies nie

omdat hulle nie van die vak hou nie, terwyl 2 of 40% U-kursusleerlinge die vak nie nodig het vir hulle toekomstige beroep nie. Voorts word laasgenoemde as tweede belangrikste rede deur 3 of 25% dogters genoem. Die ander eienskappe het baie geringe of geen invloed uitgeoefen nie.

TABEL 34

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN BIOLOGIE WAT LEERLINGE BEÏNVLOED HET OM DIT NIE TE KIES NIE*

Veranderlikes ¹	Seuns		Dogters		U-kursus		E-kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	2	5,71	-	-	2	7,69	-	-
2	6	17,14	8	53,33	5	19,23	9	37,50
3	3	8,57	-	-	3	11,54	-	-
4	-	-	-	-	-	-	-	-
5	7	20,00	3	20,00	4	15,38	6	25,00
6	2	5,71	-	-	-	-	2	8,34
7	7	20,00	2	13,33	8	30,77	1	4,17
8	5	14,29	1	6,67	3	11,54	3	12,50
9	3	8,57	-	-	1	3,85	2	8,34
10	-	-	1	6,67	-	-	1	4,17
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	35	99,99	15	100,00	26	100,00	24	100,00

*Kyk bylae 5, Afdeling D.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 27.

Volgens tabel 34 is die belangrikste rede waarom 7 of 20% seuns en 8 of 30,77% U-kursusleerlinge Biologie nie gekies het nie, die feit dat hulle dit nie nodig het vir 'n toekomstige beroep nie, terwyl dieselfde persentasie seuns (20%) die vak moeilik vind. Voorts het 8 of 53,33% dogters en 9 of 37,50% E-kursusleerlinge die

vak nie gekies nie, omdat dit nie nodig is vir uitvoering van hulle toekomsplanne nie. Vervolgens het 3 of 20% dogters en 6 of 25% E-kursusleerlinge die vak te moeilik gevind, terwyl 6 of 17,14% seuns die vak nie nodig het vir uitvoering van hulle toekomsplanne nie. Die orige eienskappe het geringer of geen invloed uitgeoefen nie.

TABEL 35

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN DIE VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN REKENINGKUNDE WAT LEERLINGE BEÏNVLOED HET OM DIT NIE TE KIES NIE*

Veranderlikes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	3	10,34	2	5,71	-	-	5	13,15
2	3	10,34	6	17,16	7	26,95	2	5,26
3	3	10,34	1	2,86	1	3,85	3	7,89
4	9	31,03	11	31,43	5	19,25	15	39,47
5	1	3,45	4	11,43	3	11,55	2	5,26
6	-	-	-	-	-	-	-	-
7	6	20,68	1	2,86	7	26,95	-	-
8	2	6,90	7	20,00	2	7,70	7	18,42
9	-	-	3	8,57	-	-	3	7,89
10	1	3,45	-	-	-	-	1	2,63
11	1	3,45	-	-	1	3,85	-	-
TOTAAL	29	99,98	35	100,02	26	100,01	38	99,97

*Kyk bylae 5, Afdeling D.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 27.

Dié tabel toon dat die belangrikste rede waarom 9 of 31,03% seuns, 11 of 31,43% dogters en 15 of 39,47% E-kursusleerlinge Rekeningkunde nie gekies het nie, is omdat hulle die vak nie kan leer nie, maar dit moet verstaan. Wat die U-kursusleerlinge betref, het 7 of 26,95% die vak nie nodig vir uitvoering van toekomsplanne of beroep nie. Voorts het 7 of 20% dogters en 7 of 18,42%

E-kursusleerlinge die vak nie gekies nie, omdat hulle nie daarvan hou nie. Verder het 6 of 20,68% seuns die vak nie nodig vir 'n toekomstige beroep nie en 5 of 19,25% U-kursusleerlinge het die vak nie gekies nie, omdat hulle dit nie kan leer nie, maar moet verstaan. Geringer invloed is deur die ander eienskappe uitgeoefen.

TABEL 36

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN DIE VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN GESKIEDENIS WAT LEERLINGE BEÏNVLOED HET OM DIT NIE TE KIES NIE*

Veranderlikes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	4	14,81	3	7,50	6	15,38	1	3,57
2	2	7,41	8	20,00	4	10,26	6	21,43
3	1	3,70	5	12,50	2	5,13	4	14,28
4	-	-	2	5,00	-	-	2	7,14
5	3	11,11	4	10,00	3	7,69	4	14,28
6	1	3,70	2	5,00	2	5,13	1	3,57
7	5	18,52	3	7,50	6	15,38	2	7,14
8	6	22,22	7	17,50	10	25,64	3	10,71
9	4	14,81	1	2,50	4	10,26	1	3,57
10	1	3,70	5	12,50	2	5,13	4	14,28
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	27	99,98	40	100,00	39	100,00	28	99,97

*Kyk bylae 5, Afdeling D.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 27.

Volgens hierdie tabel was die belangrikste rede waarom 8 of 20% dogters en 6 of 21% E-kursusleerlinge Geskiedenis nie gekies het nie, die feit dat dit onnodig is vir uitvoering van hulle toekomsplanne, terwyl 6 of 22,22% seuns en 10 of 25,64% U-kursusleerlinge nie van Geskiedenis hou nie. Voorts het 5 of 18,52% seuns en

6 of 15,38% U-kursusleerlinge die vak nie nodig vir 'n toekomstige beroep nie, terwyl 6 of 15,38% U-kursusleerlinge swak in Geskiedenis presteer het. Verder het 7 of 17,50% dogters die vak nie gekies nie, omdat hulle nie daarvan hou nie, terwyl 4 of 14,28% E-kursusleerlinge Geskiedenis nie gekies het nie, omdat die vak hulle na standerd 10 nie sal help om werk te kry nie, die vak vir hulle moeilik is en dit nie nodig is vir toekomsplanne nie.

TABEL 37

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN NATUUR- EN SKEIKUNDE WAT LEERLINGE BEÏNVLOED HET OM DIT NIE TE KIES NIE*

Veranderlikes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	2	5,41	-	-	1	4,76	1	1,61
2	4	10,81	6	13,04	3	14,29	7	11,29
3	5	13,51	9	19,57	2	9,52	12	19,35
4	-	-	6	13,04	2	9,52	4	6,45
5	6	16,22	7	15,22	1	4,76	12	19,35
6	3	8,11	1	2,17	2	9,52	2	3,23
7	4	10,81	3	6,52	1	4,76	6	9,68
8	4	10,81	7	15,22	4	19,05	7	11,29
9	2	5,41	7	15,22	3	14,29	6	9,68
10	1	2,70	-	-	-	-	1	1,61
11 ²	6	16,22	-	-	2	9,52	4	6,45
TOTAAL	37	100,01	46	100,00	21	99,99	62	99,99

*Kyk bylae 5, Afdeling D.

1. Veranderlikes dieselfde as vir tabel 27 behalwe nommer 11.
2. Wiskunde te swak om Natuur- en Skeikunde te kies.

Dié tabel toon dat 9 of 19,5% dogters en 12 of 19,35% E-kursusleerlinge Natuur- en Skeikunde nie gekies het nie omdat die vak vir hulle oninteressant is, terwyl 6 of 16,22%

seuns en 12 of 19,35% E-kursusleerlinge die vak moeilik vind. Voorts hou 4 of 19,05% U-kursusleerlinge nie van die vak nie. Verder was daar 6 of 16,22% seuns wat die vak wel wou kies, maar hulle Wiskunde was te swak. Wat die dogters betref het 7 of 19,57% die vak nie gekies nie, omdat dit moeilik is, hulle nie van die vak hou nie, en hulle die vak moeilik vind omdat hulle nie alles verstaan nie en dit nie bloot kan leer nie. Laasgenoemde rede word ook deur 3 of 14,29% U-kursusleerlinge verstrekk as rede waarom hulle nie die vak gekies het nie. Die ander eienskappe het slegs 'n redelike invloed uitgeoefen.

TABEL 38

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN TIK WAT DOGTERS BEÏNVLOED HET OM DIT NIE TE KIES NIE*

Veranderlikes ¹	Seuns ²		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	-	-	2	14,29	-	-	2	50,00
2	-	-	1	7,14	1	10,00	-	-
3	-	-	1	7,14	1	10,00	-	-
4	-	-	-	-	-	-	-	-
5	-	-	-	-	-	-	-	-
6	-	-	2	14,29	2	20,00	-	-
7	-	-	2	14,29	1	10,00	1	25,00
8	-	-	4	28,57	4	40,00	-	-
9	-	-	-	-	-	-	-	-
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	-	-	2	14,29	1	10,00	1	25,00
TOTAAL	-	-	14	100,00	10	100,00	4	100,00

*Kyk bylae 5, Afdeling D.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 27.
2. Nie keusevak vir seuns nie.

Volgens tabel 38 blyk dit dat die belangrikste rede waarom dogters (4 of 28,57%) en U-kursusleerlinge (4 of 40%) nie Tik gekies het nie, is omdat hulle nie van Tik hou nie, terwyl 2 of 50% E-kursusleerlinge te swak daarin presteer het. Voorts is geringe of geen invloed deur die ander eienskappe uitgeoefen.

TABEL 39

DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE NEGATIEWE EIENSKAPPE VAN DIE VAKKE BY DIE KEUSE VAN DIE BETROKKE TWAALF KEUSEVAKKE GESAMENTLIK*

Veranderlikes ¹	Aantal ²	Persentasie ³
1	67	12,00
2	87	15,59
3	47	8,42
4	52	9,32
5	72	12,90
6	24	4,30
7	65	11,65
8	86	15,41
9	26	4,66
10	19	3,41
11	13	2,33
TOTAAL	558	99,99

*Kyk bylae 5, Afdeling D.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 27.

2. Aantal as volg bereken:

(a) Seuns U-kursus het 5 vakke nie gekies nie, dus 34 seuns x 5 vakke = 170

(b) Seuns E-kursus het 4 vakke nie gekies nie, dus 30 seuns x 4 vakke = 120.

(c) Dogters U-kursus het 6 vakke nie gekies nie, dus 18 dogters x 6 vakke = 108.

(d) Dogters E-kursus het 5 vakke nie gekies nie, dus 32 dogters x 5 vakke = 160.

Totaal vakke nie gekies nie = 170 + 120 + 108 + 160 = 558.

3. Persentasie bereken op 558.

Dit blyk uit die voorgaande tabel dat die vyf ver-
naamste redes waarom sekere vakke nie gekies is nie, in
dalende orde van belangrikheid, is dat die vak onnodig is
vir uitvoering van leerlinge se toekomsplanne (15,59%),
dat leerlinge nie van die vak hou nie (15,41%), die vak
te moeilik is (12,90%), die leerlinge die swakste in die
vak presteer het (12,00%) en die vak onnodig is vir 'n toe-
komstige beroep (11,65%).

Van geringer belang - weer in dalende orde van be-
langrikheid - is dat die vak nie geleer kan word nie, maar
eerder verstaan moet word (9,32%), die vakke oninteressant
is (8,42%), leerwerk moeilik is as die leerlinge die vak
nie verstaan nie (4,66%), die vak leerlinge nie help in
die bestudering van ander vakke nie (4,30%), die vak leer-
linge by skooiverlating nie kan help om werk te kry nie
(3,41%), en omdat leerlinge die vak nie van te vore gehad
het nie (2,33%).

4.6 SAMEVATTING VAN BEVINDINGS TEN OPSIGTE VAN FAKTORE
IN DIE VAK SELF WAT DAARTOE BYGEDRA HET DAT LEER-
LINGE SEKERE KEUSEVAKKE NIE GEKIES HET NIE

Ontleding van tabelle 27 tot 39 werp lig op redes
waarom leerlinge sekere keusevakke nie gekies het nie. In
wat hierop volg, word 'n kort uiteensetting van die invloed
van elk van hierdie faktore op die verskeie keusevakke gegee.

4.6.1 DIE VAK IS ONNODIG VIR IMPLEMENTERING VAN
TOEKOMSPLANNE

Die onnodigheid van die vak vir uitvoering van
toekomsplanne word as belangrikste rede aangevoer waarom
respondente die volgende vakke nie gekies het nie: Duits
deur 6 of 26,09% seuns; Biologie deur 8 of 53,33% dogters
en deur 9 of 37,50% E-kursusleerlinge; Latyn deur 8 of
25,81% seuns; Aardrykskunde deur 11 of 31,43% seuns en

11 of 24,62% E-kursusleerlinge; Geskiedenis deur 8 of 20,00% dogters en deur 6 of 21,43% E-kursusleerlinge en Rekeningkunde deur 7 of 26,95% U-kursusleerlinge. Voorts het dié eienskap die tweede belangrikste invloed ten opsigte van die volgende vakke uitgeoefen: Bedryfskennis by 6 of 18,18% seuns en 6 of 20,69% U-kursusleerlinge; Biologie by 6 of 17,14% seuns en 5 of 19,23% U-kursusleerlinge; Aardrykskunde by 5 of 16,67% dogters en 5 of 21,71% U-kursusleerlinge; Duits by 7 of 21,21% U-kursusleerlinge; Latyn by 10 of 20,83% U-kursusleerlinge; Huishoudkunde by 1 of 20% dogters en Natuur- en Skeikunde by 3 of 14,29% U-kursusleerlinge en by 7 of 11,29% E-kursusleerlinge.

Hierdie faktor het by die res van die vakke 'n geringer en by Handel geen invloed uitgeoefen nie. Die totale invloed van hierdie faktor kom te staan op 18,36% by seuns, 20,00% by dogters, 25,00% by U-kursusleerlinge en 14,92% by E-kursusleerlinge.¹

4.6.2 RESPONDENTE HOU NIE VAN DIE VAK NIE

Die feit dat respondente nie van die vak hou nie, was die belangrikste rede waarom die volgende vakke nie by hulle aftrek gekry het nie: Geskiedenis by 6 of 22,22% seuns en by 10 of 25,64% U-Kursusleerlinge; Duits by 3 of 30% dogters; Aardrykskunde by 12 of 40% seuns en by 8 of 34,78% dogters; Handel by 2 of 50% dogters en by 4 of 36,36% E-kursusleerlinge; Huishoudkunde by 4 of 33,33% dogters en by 3 of 42,87% E-kursusleerlinge; Tik by 4 of 28,57% dogters en by 4 of 40% U-kursusleerlinge; Natuur- en Skeikunde by 4 of 19,05% dogters; en Bedryfskennis by 2 of 50% E-kursusleerlinge. Voorts het dit as tweede belangrikste faktor gegeld vir 2 of 28,57% seuns ten opsigte van Handel; vir 6 of 18,18% seuns ten opsigte van Bedryfskennis; vir 7 of 15,22% dogters en vir 7 of 11,29% E-kursusleerlinge ten opsigte van Natuur- en Skeikunde; vir

1. Die totale persentasie word bereken soos in paragraaf 4.4.1.1 aangedui.

7 of 17,50% dogters ten opsigte van Geskiedenis; vir 7 of 21,21% U-kursusleerlinge ten opsigte van Duits; vir 1 of 20% U-kursusleerlinge ten opsigte van Huishoudkunde; en vir 8 of 19,05% E-kursusleerlinge ten opsigte van Aardrykskunde. Origens het dit 'n geringer invloed ten opsigte van die ander vakke uitgeefen, sodat die totale invloed van hierdie faktor by seuns op 14,06%, by dogters op 25,00%, by U-kursusleerlinge op 22,12% en by E-kursusleerlinge op 16,16% te staan kom.¹

4.6.3 RESPONDENTE HET IN DIE VAK DIE SWAKSTE PRESTEER

Besonder swak prestasie in 'n vak het heelwat respondente beïnvloed om daardie vak nie te kies nie. So was dit die belangrikste rede waarom 8 of 25,81% seuns, 4 of 23,53% dogters en 12 of 25% U-kursusleerlinge nie Latyn; 11 of 33,33% seuns en 6 of 33,33% U-kursusleerlinge nie Wiskunde; 3 of 30% dogters en 8 of 24,24% U-kursusleerlinge nie Duits; en 2 of 50% E-kursusleerlinge nie Tik gekies het nie. Voorts was dit die tweede belangrikste rede waarom die volgende vakke nie gekies is nie. Duits deur 5 of 21,74% seuns; Geskiedenis deur 6 of 15,38% U-kursusleerlinge; Wiskunde deur 4 of 23,33% E-kursusleerlinge; Bedryfskennis deur 1 of 25% E-kursusleerlinge; en Handel deur 1 of 19,19% E-kursusleerlinge. Voorts het hierdie faktor 'n geringer on by Huishoudkunde geen invloed uitgeoefen nie, wat meebring dat die totale invloed wat hierdie faktor uitgeoefen het, te staan kom op 16,02% by seuns, 13,00% by dogters 18,75% by U-kursusleerlinge en op 11,29% by E-kursusleerlinge.²

4.6.4 DIE MOEILIKHEIDSGRAAD VAN DIE VAK

Die moeilikheidsgraad van die vakke het in die volgende gevalle 'n belangrike negatiewe invloed op vakkeuse

-
1. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.4.1.1 aangedui.
 2. Totale persentasie beroken soos in paragraaf 4.4.1.1 verduidelik.

uitgeoefen: by 7 of 20% seuns ten opsigte van Biologie; by 6 of 16,22% seuns en by 12 of 19,35% E-kursusleerlinge ten opsigte van Natuur- en Skeikunde; by 6 of 35,55% dogters en by 17 of 28,33% E-kursusleerlinge ten opsigte van Wiskunde; en by 4 of 23,53% dogters ten opsigte van Latyn. Voorts het dit geringer invloed uitgeoefen in die volgende gevalle by 5 of 16,13% seuns ten opsigte van Latyn; by 3 of 20% dogters en by 6 of 25% E-kursusleerlinge ten opsigte van Biologie; by 7 of 15,22% dogters ten opsigte van Natuur- en Skeikunde; by 4 of 22,82% U-kursusleerlinge ten opsigte van Wiskunde; by 1 of 9,09% E-kursusleerlinge ten opsigte van Handel; by 1 of 14,29% E-kursusleerlinge ten opsigte van Huishoudkunde; en by 4 of 14,28% E-kursusleerlinge ten opsigte van Geskiedenis. Hierdie eienskap het by die res van die vakke 'n geringer en by Bedryfskennis en Tik geen invloed uitgeoefen nie. Die totale invloed daarvan was 12,89% by seuns, 19,50% by dogters, 12,50% by U-kursusleerlinge en 18,55% by E-kursusleerlinge.¹

4.6.5 DIE ONNODIGHEID VAN DIE VAK MET DIE OOG OP RESPONDENTE SE TOEKOMSTIGE BEROEP

Dit is uit tabelle 27 tot 39 duidelik dat sekere respondente vakke nie gekies het nie omdat dit, volgens hulle oordeel, nie van waarde sal wees in die beroep wat hulle wil volg nie. Só was dit 'n belangrike invloedsfaktor in die geval van 7 of 21,21% seuns, en 6 of 20,69% U-kursusleerlinge betreffende Bedryfskennis; 7 of 20% seuns en 8 of 30,77% U-kursusleerlinge rakende Biologie; 3 of 30% dogters rakende Duits; 3 of 17,65% dogters betreffende Latyn; 2 of 40% U-kursusleerlinge betreffende Huishoudkunde en 7 of 26,95% U-kursusleerlinge betreffende Rekeningkunde. Vervolgens het dit 'n ietwat geringer rol gespeel ten opsigte van die keuse van Aardrykskunde en wel by seuns (5 of 14,29%) en U-kursusleerlinge (5 of 21,74%); van Rekeningkunde by seuns (6 of 20,68%); van

1. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.4.1.1 verduidelik.

Geskiedenis by seuns (5 of 18,52%) en by U-kursusleerlinge (6 of 15,38%); van Huishoudkunde by dogters (3 of 25%) en E-kursusleerlinge (1 of 14,29%) en van Bedryfskennis by E-kursusleerlinge (1 of 25%).

Origens het dit geringer invloed (by Handel geen) invloed uitgeoefen sodat die totale invloed daarvan by seuns 15,63%, by dogters 12,50%, by U-kursusleerlinge 22,60% en by E-kursusleerlinge 7,26% was.¹

4.6.6 DIE VAK PLAAS 'N PREMIE OP BEGRIP EERDER AS OP MEMORISEER

Die feit dat die vak nie geleer (waar onder hoofsaaklik memoriseer verstaan word,) kan word nie, maar die hoëre denkprosesse betrek, het as belangrike negatiewe faktor in volgende gevalle gegeld: Rekeningkunde by 9 of 31,03% seuns, by 15 of 39,47% E-kursusleerlinge en by 11 of 31,43% dogters; en Wiskunde by 17 of 28,33% E-kursusleerlinge. Voorts het dit 'n ietwat geringer invloed uitgeoefen t.a.v. Wiskunde by 10 of 30,30% seuns, by 11 of 24,24% dogters en by 4 of 22,22% U-kursusleerlinge; t.a.v. Handel by 1 of 25% dogters en en 1 of 9,09% E-kursusleerlinge en t.a.v. Rekeningkunde by 5 of 19,25% U-kursusleerlinge. Verder het dié faktor geringer of geen invloed uitgeoefen nie, wat meebring dat die totale invloed daarvan op 7,42% by seuns, 16,50% by dogters, 5,29% by U-kursusleerlinge en 16,53% by E-kursusleerlinge te staan kom.²

4.6.7 DIE ONINTERESSANTHEID VAN DIE VAK

Tabelle 27 tot 39 toon dat 'n belangrike rede waarom respondente die volgende vakke nie gekies het nie, die oninteressantheid daarvan is: Handel by 3 of 42,86% seuns en by 4 of 36,36% dogters; en Natuur- en Skeikunde by

-
1. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.4.1.1 verduidelik.
 2. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.4.1.1 aangedui.

9 of 19,57% dogters en by 12 of 19,35% E-kursusleerlinge. Voorts het dit ietwat geringer invloed uitgeoefen op 5 of 13,51% seuns ten opsigte van Natuur- en Skeikunde; op 1 of 25% dogters ten opsigte van Handel; 5 of 17,24% U-kursusleerlinge ten opsigte van Bedryfskennis; 1 of 14,29% E-kursusleerlinge ten opsigte van Huishoudkunde en op 4 of 14,28% E-kursusleerlinge ten opsigte van Geskiedenis. Dit bring die totale invloed van hierdie faktor by seuns op 10,16%, by dogters op 10,50%, by U-kursusleerlinge op 8,65% en by E-kursusleerlinge op 11,69% te staan.¹

4.6.8 MEMORISERING VAN DIE VAK IS MOEILIK AS BEGRIP ONTBREEK

Hierdie faktor sluit ten nouste aan by paragraaf 4.6.6 hierbo, in soverre dit daarop neerkom dat sommige respondente wogskram van vakke wat insig en begrip in 'n hoë mate vereis en eerder vakke neem wat so meganies moontlik gememoriseer kan word. Hierdie faktor het egter slegs in die geval van Natuur- en Skeikunde in 'n betreklik geringe mate gefigureer en wel by 7 of 15,22% dogters en by 3 of 14,29% U-kursusleerlinge. In 'n nog geringer mate het dit weer t.a.v. Natuur- en Skeikunde 6 of 9,68% E-kursusleerlinge negatief beïnvloed. Wat die ander vakke betref het dit baie geringe of glad geen invloed uitgeoefen nie. Dit bring die totale invloed daarvan by die seuns op 5,08%, by die dogters op 6,50%, by U-kursusleerlinge op 4,81% en by E-kursusleerlinge op 6,45% te staan.²

4.6.9 DIE VAK IS NIE VAN WAARDE BY DIE BESTUDERING VAN ANDER VAKKE NIE

Hierdie faktor is slegs deur 1 of 20% U-kursusleerlinge en 1 of 14,29% E-kursusleerlinge as tweede belangrikste faktor genoem waarom hulle nie Huishoudkunde gekies

1. Ibid.

2. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.4.1.1 verduidelik.

het nie, terwyl 2 of 14,29% dogters en 2 of 20% U-kursusleerlinge om dieselfde rede nie Tik gekies het nie. Voorts was die invloed baie geringer by die ander vakke en by sommige het dit geen invloed uitgeoefen nie, sodat die totale invloed by seuns op 4,30%, by dogters op 6,50%, by U-kursusleerlinge op 6,25% en by E-kursusleerlinge op 4,44% te staan kom.¹

4.6.10 DIE VAK HET GEEN OF WEINIG WAARDE IN DIE ARBEIDSMARK

Slegs t.a.v. Geskiedenis is hierdie faktor deur 4 of 14,28% E-kursusleerlinge as belangrikste negatief beïnvloedend vermeld. By die ander vakke was die invloed veel geringer en by sommige vakke het dit geen invloed uitgeoefen nie. Dit bring die totale invloed by seuns op 5,08% by dogters op 3,00%, by U-kursusleerlinge op 5,29% en by E-kursusleerlinge op 3,23% te staan.²

4.6.11 DIE VAK IS ONBEKEND AANGESIEN DIT NIE VAN TE VORE GENEEM IS NIE

Slegs twee respondente het Duits en Tik nie gekies nie, omdat dié vakke vir hulle onbekend was. In die geval van Latyn, Rekeningkunde en Aardrykskunde was daar respektiewelik een leerling wat weggeskram het omdat hulle die vakke nie van te vore gehad het nie.

4.6.11.1 WISKUNDE TE SWAK OM NATUUR- EN SKEIKUNDE TE KIES

Die belangrikste rede waarom 6 of 16,22% seuns nie Natuur- en Skeikunde gekies het nie, was omdat hulle Wiskunde te swak was en hulle derhalwe bang was om Natuur- en Skeikunde te kies.

-
1. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.4.1.1 aangedui.
 2. Ibid.

4.6.12 GEVOLGTREKKING

Dit blyk uit die voorgaande ontleding van die relatiewe invloed wat die verskillende negatiewe eienskappe van vakke op vakkeuse van respondente uitgeoefen het dat hulle in dalende orde van belangrikheid soos volg gerangskik kan word:¹

1. Die vak is onnodig vir implementering van toekomsplanne.
2. Respondente hou nie van die vak nie.
3. Die moeilikheidsgraad van die vak.
4. Respondente het in dié vak die swakste presteer.
5. Die onnodigheid van die vak met die oog op respondente se toekomstige beroep.
6. Die vak plaas 'n premie op begrip eerder as op memoriseer.
7. Die oninteressantheid van die vak.
8. Memorisering van die vak is moeilik as die begrip ontbreek.
9. Die vak is nie van waarde by die bestudering van ander vakke nie.
10. Die vak het geen of weinig waarde in die arbeidsmark.
11. Die vak van tevore nie gehad nie.

4.7 EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER/ES WAT LEERLINGE BEÏNVLOED HET OM SY/HAAR VAK TE KIES

In tabelle 40 tot 51 word veranderlikes ten opsigte van die vakonderwyser in die geval van elke betrokke keusevak onderling vergelyk. Vir vergelykingsdoeleindes word die getalle in elke tabel na persentasies herlei. Die aantal leerlinge is daardie leerlinge wat elke betrokke vak gekies het en die persentasie word op die som hiervan bereken.

-
1. Vergelyk tabel 39.

TABEL 40

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE
EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER OP DIE KEUSE VAN DUIITS*

Verander- likes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus ²	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	1	9,09	1	12,5	2	10,53	-	-
2	3	27,27	-	-	3	15,79	-	-
3	1	9,09	1	12,5	2	10,53	-	-
4	-	-	-	-	-	-	-	-
5	2	18,18	2	25,00	4	21,05	-	-
6	-	-	1	12,5	1	5,26	-	-
7	-	-	-	-	-	-	-	-
8	2	18,18	1	12,5	3	15,79	-	-
9	1	9,09	1	12,5	2	10,53	-	-
10	1	9,09	1	12,5	2	10,53	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	11	99,99	8	100,00	19	100,01	-	-

*Kyk bylae 5, Afdeling E.

1. Sleutel tot veranderlikes: 1: Die onderwyser/es kon sy/haar vak. 2: Die onderwyser/es maak die vak interessant. 3: Die onderwyser/es skep 'n aangename werksatmosfeer. 4: Die onderwyser/es se standaard 10 uitslae is altyd goed. 5: Die onderwyser/es kan sy/haar vakkennis oordra. 6: Die onderwyser/es is streng maar regverdig. 7: Die onderwyser/es handhaaf sy/haar Christelike beginsels te alle tye. 8: Die onderwyser/es handhaaf dissipline onopsigtelik. 9: Jy kan met jou probleme na die onderwyser/es gaan, hy/sy help graag. 10: Ek hou van die onderwyser/es.
2. Nie keusevak vir E-kursus nie.

Hierdie tabel toon dat 3 of 27,27% seuns Duits gekies het omdat die onderwyser/es sy/haar vak interessant maak, terwyl 2 of 25% dogters en 4 of 21,05% U-kursusleerlinge Duits gekies het omdat die onderwyser/es sy/haar vakkennis effektief kan oordra. Volgende in rangorde was oordeelkundige tughandhawing en vermoë van die onderwyser

om vakkennis oor te dra en wel by 2 of 18,18% seuns, terwyl 3 of 10,53% U-kursusleerlinge Duits gekies het omdat die onderwyser/es die vak interessant maak en tug oordeelkundig handhaaf.

TABEL 41

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER OP DIE KEUSE VAN LATYN*

Veranderlikes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-kursus ²	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	1	33,33	-	-	1	25,00	-	-
2	1	33,33	1	100,00	2	50,00	-	-
3	-	-	-	-	-	-	-	-
4	-	-	-	-	-	-	-	-
5	1	33,33	-	-	1	25,00	-	-
6	-	-	-	-	-	-	-	-
7	-	-	-	-	-	-	-	-
8	-	-	-	-	-	-	-	-
9	-	-	-	-	-	-	-	-
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	3	99,99	1	100,00	4	100,00	-	-

*Kyk bylae 5, Afdeling E.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 40.
2. Nie keusevak vir E-kursus nie.

Volgens gegewens uit tabel 41 blyk dit dat 1 of 100% dogters, 2 of 50% U-kursusleerlinge en 1 of 33,33% seuns Latyn gekies het omdat die onderwyser Latyn interessant maak. Verder het 1 of 33,33% seuns Latyn gekies omdat die onderwyser sy vak ken en sy vakkennis kan oordra.

TABEL 42

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE
EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER OP DIE KEUSE VAN
AARDRYKSKUNDE*

Verander- ¹ likes	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	3	10,34	3	15,00	5	17,24	1	5,00
2	10	34,48	6	30,00	12	41,38	4	20,00
3	4	13,79	6	30,00	4	13,79	6	30,00
4	1	3,45	-	-	-	-	1	5,00
5	2	6,90	-	-	2	6,90	-	-
6	-	-	2	10,00	-	-	2	10,00
7	-	-	-	-	-	-	-	-
8	2	6,90	2	10,00	2	6,90	2	10,00
9	-	-	1	5,00	-	-	1	5,00
10	7	24,14	-	-	4	13,79	3	15,00
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	29	100,00	20	100,00	29	100,00	20	100,00

*Kyk bylae 5, Afdeling E.

1. Sleutel tot veranderlikes soos in tabel 40

Tabel 42 in oënskou geneem toon dat besondere gewig daaraan verleen word dat die onderwyser die vermoë moet hê om die vak interessant te maak. So is Aardrykskunde om hierdie rede deur 10 of 34,48% seuns, 6 of 30% dogters en 12 of 41,38% U-kursusleerlinge gekies. Hiernaas is die vermoë van die onderwyser om 'n aangename klasatmosfeer te skep, geplaas. Om hierdie rede het 6 of 30% dogters en 6 of 30% E-kursusleerlinge Aardrykskunde gekies. Deeglike beheersing van sy vak deur die onderwyser was t.a.v. Aardrykskunde tweede in rangorde vir 3 of 15% dogters en 5 of 17,24% U-kursusleerlinge. Voorts het 7 of 24,14% seuns Aardrykskunde gekies omdat hulle van die onderwyser hou, terwyl 4 of 20% E-kursusleerlinge die vak gekies het omdat die onderwyser die vak interessant maak. Die ander eienskappe het geringe of geen invloed uitgeoefen.

TABEL 43

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER OP DIE KEUSE VAN HANDEL*

Verander- likes	Seuns		Dogters		U-Kursus ²		E-kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	8	34,78	4	14,29	-	-	12	23,53
2	5	21,74	5	17,86	-	-	10	19,61
3	3	13,04	6	21,43	-	-	9	17,65
4	-	-	1	3,57	-	-	1	1,96
5	4	17,39	4	14,29	-	-	8	15,69
6	3	13,04	3	10,71	-	-	6	11,76
7	-	-	1	3,57	-	-	1	1,96
8	-	-	1	3,57	-	-	1	1,96
9	-	-	-	-	-	-	-	-
10	-	-	3	10,71	-	-	3	5,88
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	23	99,99	28	100,00	-	-	51	100,00

*Kyk bylae 5, Afdeling E.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 40.
2. Nie keusevak vir U-kursusleerlinge nie.

Volgens tabel 43 het 8 of 34,78% seuns en 12 of 23,53% E-kursusleerlinge Handel gekies omdat die onderwyser sy vak ken, terwyl 6 of 21,43% dogters die vak gekies het omdat daar 'n aangename klasatmosfeer heers. Hierna in orde van belangrikheid het 5 of 21,74% seuns, 5 of 17,86% dogters en 10 of 19,61% E-kursusleerlinge Handel geneem omdat die onderwyser die vak interessant maak. Die ander eienskappe van die onderwyser het geringer of geen invloed uitgeoefen.

TABEL 44

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE
EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER OP DIE KEUSE VAN WISKUNDE*

Verander- likes	Seuns		Dogters		U-kursus		E-kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	18	58,06	2	40,00	20	58,82	-	-
2	-	-	-	-	-	-	-	-
3	-	-	-	-	-	-	-	-
4	1	3,23	1	20,00	2	5,88	-	-
5	5	16,31	-	-	5	14,71	-	-
6	5	16,31	1	20,00	5	14,71	1	50,00
7	-	-	-	-	-	-	-	-
8	1	3,23	-	-	1	2,94	-	-
9	1	3,23	-	-	-	-	1	50,00
10	-	-	1	20,00	1	2,94	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	31	100,00	5	100,00	34	100,00	2	100,00

*Kyk bylae 5, Afdeling E.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 40.

Volgens hierdie tabel blyk dit dat 18 of 58,06% seuns, 2 of 40% dogters en 20 of 58,82% U-kursusleerlinge Wiskunde gekies het omdat die onderwyser sy vak ken, terwyl 1 of 50% E-kursusleerlinge dit as belangrik beskou dat die onderwyser streng, maar regverdig is. Voorts het 1 of 50% E-kursusleerlinge die vak gekies omdat leerlinge met hulle probleme na die onderwyser kan gaan. Van geringer belang is vir 5 of 16,13% seuns en 5 of 14,71% dogters dat die onderwyser sy vakkennis kan oordra en streng maar regverdig is. Die ander eienskappe het geringer of geen invloed uitgeoefen.

TABEL 45

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER OP DIE KEUSE VAN BEDRYFSKENNIS*

Veranderlikes	Seuns		Dogters ²		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	4	12,90	-	-	-	-	4	15,38
2	5	16,13	-	-	-	-	5	19,23
3	8	25,81	-	-	3	60,00	5	19,23
4	-	-	-	-	-	-	-	-
5	-	-	-	-	-	-	-	-
6	3	9,68	-	-	-	-	3	11,59
7	-	-	-	-	-	-	-	-
8	4	12,90	-	-	-	-	4	15,38
9	3	9,68	-	-	1	20,00	2	7,69
10	4	12,90	-	-	1	20,00	3	11,59
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	31	100,00	-	-	5	100,00	26	99,99

*Vergelyk bylae 5, Afdeling E.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 40.
2. Nie keusevak vir dogters nie.

Tabel 45 toon dat die belangrikste eienskap van hulle onderwyser, wat respondente Bedryfskennis laat kies het, die onderwyser se vermoë is om 'n aangename klasatmosfeer te skep. Hierdie veranderlike word naamlik deur 8 of 25,81% seuns, deur 3 of 60% U-kursusleerlinge en deur 5 of 19,23% E-kursusleerlinge genoem. Hiernaas het 5 of 19,23% E-kursusleerlinge Bedryfskennis gekies omdat die onderwyser die vermoë besit om die vak interessant te maak. Laasgenoemde word as tweede belangrikste eienskap genoem deur 5 of 16,13% seuns, terwyl 4 of 15,36% E-kursusleerlinge die simpatieke tughandhawing van die onderwyser as tweede belangrikste eienskap noem. Die ander eienskappe het geringer of geen invloed uitgeoefen.

TABEL 46

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE
EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER OP DIE KEUSE VAN
HUISHOUDKUNDE*

Verander- likes	Seuns ²		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	-	-	1	2,63	-	-	1	4,00
2	-	-	5	13,16	2	15,38	3	12,00
3	-	-	9	23,68	4	30,77	5	20,00
4	-	-	1	2,63	1	7,69	-	-
5	-	-	6	15,79	2	15,38	4	16,00
6	-	-	6	15,79	-	-	6	24,00
7	-	-	-	-	-	-	-	-
8	-	-	1	2,63	-	-	1	4,00
9	-	-	2	5,26	1	7,69	1	4,00
10	-	-	7	18,42	3	23,08	4	16,00
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	-	-	38	99,99	13	99,99	25	100,00

*Vergelyk bylae 5, Afdeling E.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 40.
2. Nie keusevak vir seuns nie.

Dit blyk uit die voorgaande tabel dat 9 of 23,68% dogters en 4 of 30,77% U-kursusleerlinge Huishoudkunde gekies het omdat die onderwyseres 'n aangename klasatmosfeer skep, terwyl 6 of 24% E-kursusleerlinge die vak gekies het omdat die onderwyseres streng maar regverdig optree. As tweede belangrikste eienskap van die onderwyseres noem 7 of 18,42% dogters en 3 of 23,08% U-kursusleerlinge dat hulle van die onderwyseres hou. Hierna in rangorde het 5 of 20% E-kursusleerlinge die vak gekies omdat die onderwyseres 'n aangename klasatmosfeer skep. Die ander eienskappe het geringer of geen invloed uitgeoefen.

TABEL 47

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER OP DIE KEUSE VAN BIOLOGIE*

Verander- ¹ likes	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	6	20,69	8	22,86	5	19,23	9	23,68
2	11	37,93	8	22,86	10	38,46	9	23,68
3	4	13,79	5	14,29	3	11,54	6	15,79
4	1	3,45	2	5,71	-	-	3	7,90
5	-	-	6	17,14	3	11,54	3	7,90
6	4	13,79	3	8,57	4	15,39	3	7,90
7	-	-	-	-	-	-	-	-
8	-	-	-	-	-	-	-	-
9	-	-	-	-	-	-	-	-
10	3	10,34	3	8,57	1	3,85	5	13,16
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	29	99,99	35	100,00	26	100,01	38	100,01

*Vergelyk bylae 5, Afdeling E.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 40.

Tabel 47 toon dat 11 of 37,93% seuns, 8 of 22,86% dogters 10 of 38,46% U-kursusleerlinge en 9 of 23,68% E-kursusleerlinge Biologie gekies het omdat die onderwyser die vak interessant aanbied, terwyl 8 of 22,86% dogters en 9 of 23,68% E-kursusleerlinge die feit dat die onderwyser sy vak ken, as belangrikste eienskap noem. Voorts het 6 of 20,69% seuns en 5 of 19,23% U-kursusleerlinge laasgenoemde rede as tweede belangrikste beïnvloedende kenmerk van die onderwyser bestempel. Verder het 6 of 15,79% E-kursusleerlinge die aangename werksatmosfeer en 6 of 17,14% dogters die vermoë om vakkennis oor te dra as tweede belangrikste eienskap van die onderwyser genoem. Die invloed van die ander kenmerke van die onderwyser was geringer of het geen invloed uitgeoefen.

TABEL 48

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER OP DIE KEUSE VAN REKENINGKUNDE*

Veranderlikes	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	6	17,14	1	6,67	4	15,39	3	12,50
2	-	-	-	-	-	-	-	-
3	8	22,86	6	40,00	8	30,77	6	25,00
4	-	-	-	-	-	-	-	-
5	6	17,14	-	-	3	11,54	3	12,50
6	3	8,57	-	-	2	7,69	1	4,17
7	-	-	-	-	-	-	-	-
8	1	2,86	-	-	1	3,85	-	-
9	7	20,00	4	26,67	3	11,54	8	33,33
10	4	11,43	4	26,67	5	19,23	3	12,50
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	35	100,00	15	100,01	26	100,01	24	100,00

*Vergelyk bylae 5, Afdeling E.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 40.

Tabel 48 toon dat die belangrikste beïnvloedende eienskap van die Rekeningkundeonderwyser vir 8 of 22,86% seuns, 6 of 40% dogters en 8 of 30,77% U-kursusleerlinge sy vermoë is om 'n aangename werksatmosfeer te skep, terwyl dit deur 6 of 25% E-kursusleerlinge as tweede belangrikste eienskap genoem word. Die belangrikste eienskap is vir 8 of 33,33% E-kursusleerlinge die openheid van die onderwyser wat dit vir hulle moontlik maak om met hulle probleme na hom te gaan. Laasgenoemde word ook as ewe belangrike eienskap deur 7 of 20% seuns en 4 of 26,67% dogters genoem, terwyl 4 of 26,67% dogters en 5 of 19,23% U-kursusleerlinge die innemendheid van die onderwyser as tweede belangrikste beskou. Die ander eienskappe het geringer of geen invloed uitgeoefen.

TABEL 49

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER OP DIE KEUSE VAN GESKIEDENIS*

Veranderlikes	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	17	45,95	1	10,00	2	15,38	16	47,06
2	10	27,03	5	50,00	4	30,76	11	32,35
3	1	2,70	2	20,00	2	15,38	1	2,94
4	2	5,41	1	10,00	1	7,69	2	5,88
5	3	8,11	1	10,00	3	23,08	1	2,94
6	1	2,70	-	-	-	-	1	2,94
7	-	-	-	-	-	-	-	-
8	2	5,41	-	-	-	-	2	5,88
9	-	-	-	-	-	-	-	-
10	1	2,70	-	-	1	7,69	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	37	100,01	10	100,00	13	99,98	34	99,98

*Kyk bylae 5, Afdeling E.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 40.

Volgens tabel 49 het 17 of 45,95% seuns en 16 of 47,06% E-kursusleerlinge Geskiedenis gekies omdat die onderwyser sy vak ken, terwyl 5 of 50% dogters en 4 of 30,76% U-Kursusleerlinge die vak gekies het omdat die onderwyser die vak interessant maak. Voorts het 10 of 27,03% seuns en 11 of 32,35% E-kursusleerlinge laasgenoemde rede as tweede belangrikste motief vir hulle keuse van Geskiedenis genoem. Verder het 2 of 20% dogters die vak gekies omdat daar 'n aangename klasatmosfeer heers en 3 of 23,06% U-kursusleerlinge omdat die onderwyser sy vakkennis kan oordra. Origens het die ander eienskappe geringer of geen invloed uitgeoefen.

TABEL 50

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE
EIE SKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER OP DIE KEUSE VAN NATUUR-
EN SKEIKUNDE*

Verander- likes	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	% ²
1	9	33,33	2	50,00	11	35,48	-	-
2	2	7,41	1	25,00	3	9,68	-	-
3	-	-	-	-	-	-	-	-
4	3	11,11	-	-	3	9,68	-	-
5	7	25,93	1	25,00	8	25,81	-	-
6	-	-	-	-	-	-	-	-
7	1	3,70	-	-	1	3,23	-	-
8	1	3,70	-	-	1	3,23	-	-
9	4	14,81	-	-	4	12,90	-	-
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	27	99,99	4	100,00	31	100,01	-	-

*Vergelyk bylae 5, Afdeling E.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 40.
2. Wiskunde verpligtend om Natuur- en Skeikunde te kies.

Volgens die gegewens in hierdie tabel het 9 of 33,33% seuns, 2 of 50% dogters en 11 of 35,48% U-kursusleerlinge Natuur- en Skeikunde gekies omdat die onderwyser sy vak ken. Hierná het 7 of 25,93% seuns, 1 of 25% dogters en 8 of 25,81% U-kursusleerlinge die onderwyser se vermoë om sy vakkennis oor te dra, as tweede belangrikste motief genoem. Geen leerlinge van die E-kursus het Natuur- en Skeikunde gekies nie, wat moontlik toegeskryf kan word aan die feit dat Wiskunde verpligtend is om Natuur- en Skeikunde te kan kies. Verder het die ander eienskappe geringer of geen invloed uitgeoefen.

TABEL 51

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER OP DIE KEUSE VAN TIK*

Veranderlikes	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	% ²	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	-	-	7	19,44	-	-	7	25,00
2	-	-	2	5,66	-	-	2	7,14
3	-	-	4	11,11	1	12,50	3	10,71
4	-	-	1	2,78	-	-	1	3,57
5	-	-	3	8,33	2	25,00	1	3,57
6	-	-	6	16,67	3	37,50	3	10,71
7	-	-	1	2,78	-	-	1	3,57
8	-	-	3	8,33	-	-	3	10,71
9	-	-	7	19,44	2	25,00	5	17,86
10	-	-	2	5,66	-	-	2	7,14
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	-	-	36	100,00	8	100,00	28	99,98

*Vergelyk bylae 5, Afdeling E.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 40.
2. Nie keusevak vir seuns nie.

Tabel 51 toon dat die belangrikste positief beïnvloedende eienskap in die Tikonderwyseres vir 7 of 19,44% dogters en 7 of 25% E-kursusleerlinge haar vakkennis was. Ewe belangrik was vir 7 of 19,44% dogters haar openlikheid en toeganklikheid wat dit moontlik maak om met hulle probleme na die onderwyseres te gaan. Voorts het 3 of 37,50% U-kursusleerlinge Tik gekies omdat die onderwyseres streng, maar regverdig optree. Laasgenoemde eienskap word as tweede belangrikste genoem deur 6 of 16,67% dogters, terwyl 2 of 25% U-kursusleerlinge en 5 of 17,86% E-kursusleerlinge Tik gekies het vanweë die openheid van die onderwyseres. Voorts is as tweede belangrikste eienskap deur U-kursusleerlinge die vermoë van die onderwyseres om haar kennis oor te dra genoem. Die ander eienskappe het geringer of geen invloed uitgeoefen.

TABEL 52

DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN VAKONDERWYSERS BY DIE KEUSE VAN DIE BETROKKE TWAALF KEUSEVAKKE DEUR DIE UNIVERSUM*

Veranderlikes ¹	Universum ²	Persentasie ³
1	103	22,59
2	80	17,54
3	68	14,91
4	15	3,29
5	53	11,62
6	41	8,99
7	3	0,66
8	21	4,61
9	31	6,80
10	41	8,99
TOTAAL	456	100,00

*Vergelyk bylae 5, Afdeling E.

1. Sleutel tot veranderlikes soos in tabel 40.
2. Elke leerling moet 4 vakke kies daar is dus 456 vakkeuses.
3. Persentasie word bereken op 456.

Volgens bogemelde gegewens vir die universum, blyk dit dat 22,5% respondente vakkundigheid as belangrikste positief beïnvloedende eienskap van onderwysers beskou. Hierop volg die vermoë van 'n vakonderwyser om sy vak interessant aan te bied (17,54% respondente). Derde in rangorde is die vermoë van die vakonderwyser om 'n aangename klasatmosfeer te skep (14,91% respondente). Vierde in rangorde is die vermoë om vakkennis oor te dra (11,62%). Origens was die invloed van die ander eienskappe gering.

4.8 SAMEVATTING VAN BEVINDINGS BETREFFENDE DIE
RELATIEWE INVLOED VAN EIENSKAPPE VAN DIE VAK-
ONDERWYSERS/ESSE OP VAKKEUSE

In wat volg word 'n kort samevatting gegee van die invloed van die verskillende eienskappe van onderwysers/esse op vakkeuse naamlik: vakkundigheid van die onderwyser/es, die vermoë van die onderwyser/es om die vak interessant te maak, die vermoë van die onderwyser/es om 'n aangename werksatmosfeer te skep, die vermoë van die onderwyser/es om sy/haar vakkennis oor te dra, die innemendheid van die onderwyser/es, die vermoë van die onderwyser/es om streng maar regverdig tug uit te oefen, die openheid of toeganklikheid van die onderwyser/es, onopsigtelike tughandhawing deur die onderwyser/es, goeie matriek-eksamenuitslae van die onderwyser se leerlinge en die handhawing van Christelike beginsels deur die onderwyser/es.

4.8.1 VAKKUNDIGHEID VAN DIE ONDERWYSER/ES

Grondige vakkennis deur die onderwyser, word as belangrikste eienskap aangevoer deur 8 of 34,78% seuns en 12 of 23,53% E-kursusleerlinge t.a.v. Handel; deur 18 of 56,06% seuns, 2 of 40% dogters en 20 of 58,82% U-kursusleerlinge t.a.v. Wiskunde; 17 of 45,95% seuns en 16 of 47,06% E-kursusleerlinge t.a.v. Geskiedenis; 9 of 33,33% seuns, 2 of 50% dogters en 11 of 35,48% U-kursusleerlinge t.a.v. Natuur- en Skeikunde; 8 of 22,86% dogters en 9 of 23,68% E-kursusleerlinge t.a.v. Biologie; 1 of 33,33% seuns t.a.v. Latyn; en 7 of 19,44% dogters en 7 of 25% E-kursusleerlinge t.a.v. Tik. Voorts was dit die tweede belangrikste eienskap vir 6 of 20,69% seuns en 5 of 19,23% U-kursusleerlinge t.a.v. Biologie; 3 of 15% dogters en 5 of 17,24% U-kursusleerlinge t.a.v. Aardrykskunde; en 1 of 12,50% dogters t.a.v. Latyn.

Voorts het hierdie eienskap van die vakonderwyser geringer invloed uitgeoefen sodat die totale invloed daarvan by seuns op 28,52%, by dogters op 15,00%, by U-kursusleerlinge op 24,38% en by E-kursusleerlinge op 21,37% te staan kom.¹

4.8.2 DIE VERMOË VAN DIE ONDERWYSER/ES OM DIE VAK INTERESSANT AAN TE BIED

Dit blyk dat heelwat respondente vakke gekies het omdat die vakonderwyser sy vak interessant maak. Dit word as belangrikste beïnvloedende eienskap deur 3 of 27,27% seuns by die keuse van Duits; deur 1 of 33,33%, 1 of 100% dogters en 2 of 50% U-kursusleerlinge by die keuse van

1. Totale persentasie word as volg bereken:

Die aantal seuns wat by elke vak deur veranderlike nommer 1 beïnvloed was om die vak te kies, word bymekaar getel. Voorts word die aantal seuns wat die betrokke vakke gekies het ook bymekaar getel. Die verhouding word dan as 'n persentasie aangedui bv.

Duits: 1 van die 11 seuns wat Duits gekies het, noem veranderlike nommer 1.

Latyn: 1 van die 3 seuns wat Latyn gekies het, noem veranderlike nommer 1.

Aardrykskunde: 3 van die 29 seuns wat Aardrykskunde gekies het, noem veranderlike nommer 1.

Handel: 8 van die 23 seuns wat Handel gekies het, noem veranderlike nommer 1.

Wiskunde: 18 van die 31 seuns wat Wiskunde gekies het, noem veranderlike nommer 1.

Bedryfskennis: 4 van die 31 seuns wat Bedryfskennis gekies het, noem veranderlike nommer 1.

Biologie: 6 van die 29 seuns wat Biologie gekies het, noem veranderlike nommer 1.

Rekeningkunde: 6 van die 35 seuns wat Biologie gekies het, noem veranderlike nommer 1.

Geskiedenis: 17 van die 37 seuns wat Geskiedenis gekies het, noem veranderlike nommer 1.

Natuur- en Skeikunde: 9 van die 27 seuns wat Natuur- en Skeikunde gekies het, noem veranderlike nommer 1.

Totaal: 73 van die 256 seuns wat vakke gekies het was deur veranderlike nommer 1 (vakkundigheid van die onderwyser) beïnvloed wat die totale invloed op 28,52% te staan bring. Die totale invloed op dogters, op U-kursusleerlinge en op E-kursusleerlinge word op dieselfde manier bereken.

Latyn; deur 10 of 34,48% seuns, 6 of 30% dogters en 12 of 41,38% U-kursusleerlinge by die keuse van Aardrykskunde; deur 11 of 37,93% seuns, 8 of 22,68% dogters, 10 of 38,46% U-kursusleerlinge en 9 of 23,68% E-kursusleerlinge by die keuse van Biologie; deur 5 of 50% dogters en 4 of 30,76% U-kursusleerlinge by die keuse van Geskiedenis; en deur 5 of 19,23% E-kursusleerlinge by die keuse van Bedryfskennis, genoem.

Voorts was dit die tweede belangrikste beïnvloedende eienskap waarom 5 of 21,74% seuns, 5 of 17,86% dogters en 10 of 19,61% E-kursusleerlinge Handel; 5 of 16,13% seuns Bedryfskennis; 10 of 27,03% seuns en 11 of 32,35% E-kursusleerlinge Geskiedenis; 1 of 25% dogters Natuur- en Skeikunde; 3 of 10,53% U-Kursusleerlinge Duits; en 4 of 20% E-kursusleerlinge Aardrykskunde gekies het. Verder het hierdie eienskap van die vakonderwyser geringer invloed uitgeoefen, terwyl by Wiskunde en Rekeningkunde die invloed nul was. Dit bring die totale invloed by seuns op 18,36%, by dogters op 16,50%, by U-kursusleerlinge op 17,31% en E-kursusleerlinge op 17,74% te staan.¹

4.8.3 DIE VERMOË VAN DIE ONDERWYSER/ES OM 'N AANGENAME WERKSATMOSFEER TE SKEP

Die vermoë van die onderwyser/es om 'n aangename werksatmosfeer te skep, het heelwat respondente beïnvloed om die betrokke vakke te kies. Onder andere was dit die belangrikste beïnvloedende eienskap wat 8 of 25,81% seuns, 3 of 60% U-kursusleerlinge en 5 of 19,23% E-kursusleerlinge Bedryfskennis; 8 of 22,86% seuns, 6 of 40% dogters en 8 of 30,77% U-kursusleerlinge Rekeningkunde; 6 of 30% dogters en 6 of 30% E-kursusleerlinge Aardrykskunde; 6 of 21,43% dogters Handel; en 9 of 23,68% dogters en 4 of 30,77% U-kursusleerlinge Huishoudkunde te laat kies het. Voorts

1. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.8.1 aangedui.

was dit die tweede belangrikste eienskap van die vakonderwyser/es wat 10 of 12,5% dogters beïnvloed het om Duits, 2 of 20% dogters om Geskiedenis, 6 of 15,79% E-kursusleerlinge om Biologie, 6 of 25% E-kursusleerlinge om Rekeningkunde, en 5 of 20% E-kursusleerlinge beïnvloed om Huishoudkunde te kies. Origens was die invloed daarvan geringer of het dit geen invloed uitgeoefen nie sodat die totale invloed by seuns op 11,33%, by dogters op 19,50%, by U-kursusleerlinge op 12,98% en by E-kursusleerlinge op 16,53% te staan kom.¹

4.8.4 DIE VERMOË VAN DIE ONDERWYSER/ES OM SY/HAAR VAKKENNIS OOR TE DRA

Alhoewel hierdie eienskap van die vakonderwyser 'n geringer invloed as bogenoemde drie uitgeoefen het, was dit nog die belangrikste eienskappe van die vakonderwyser wat sekere leerlinge beïnvloed het om sekere vakke te kies.² So was dit die belangrikste rede waarom 1 of 33,33% seuns Latyn en 2 of 25% dogters en 4 of 21,05% U-kursusleerlinge Duits gekies het. Vervolgens was dit die tweede belangrikste invloedsfaktor wat daartoe aanleiding gegee het dat 2 of 18,18% seuns Duits; 5 of 16,13% seuns en 5 of 14,71% U-kursusleerlinge Wiskunde; 7 of 25,93% seuns, 1 of 25% dogters en 8 of 25,81% U-kursusleerlinge Natuur- en Skeikunde; 6 of 17,14% dogters Biologie; 1 of 25% U-kursusleerlinge Latyn; 3 of 23,08% U-kursusleerlinge Geskiedenis; en 2 of 25% U-kursusleerlinge Tik gekies het. Origens was die invloed wat dit uitgeoefen het geringer of ontbrekend. Dit alles in aanmerking geneem, bring die totale invloed by seuns op 11,72%, by dogters op 11,50%, by U-kursusleerlinge op 15,87% en by E-kursusleerlinge op 8,07% te staan.³

-
1. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.8.1 verduidelik.
 2. Kyk tabel 52.
 3. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.8.1 aangedui.

4.8.5 DIE INNEMENDHEID VAN DIE ONDERWYSER/ES

Die feit dat respondente van die onderwyser/es hou, het minder invloed op vakkeuse uitgeoefen as die voorgaande vier eienskappe.¹ So was dit by geen groep respondente die belangrikste beïnvloedende faktor by die keuse van enige vak nie. Dit was egter die tweede belangrikste beïnvloedende faktor by die keuse van Aardrykskunde deur 7 of 24,14% seuns, Huishoudkunde deur 7 of 18,42% dogters en deur 3 of 23,08% U-kursusleerlinge, Rekeningkunde deur 4 of 26,67% dogters en deur 5 of 19,23% U-kursusleerlinge en by Bedryfskennis deur 1 of 20% U-kursusleerlinge. Voorts het dit 'n geringer invloed by die keuse van ander vakke en geen invloed by die keuse van Latyn en Natuur- en Skeikunde, uitgeoefen. Die totale invloed daarvan was by seuns 7,81%, by dogters 10,50%, by U-kursusleerlinge 8,65% en by E-kursusleerlinge 9,27%.²

4.8.6 DIE VERMOË VAN DIE ONDERWYSER/ES OM STRENG MAAR REGVERDIG TUG UIT TE OEFEN

Die feit dat die onderwyser/es streng maar regverdig is, was die belangrikste beïnvloedende faktor by die keuse van Tik deur 3 of 37,50% U-kursusleerlinge en by Huishoudkunde deur 6 of 24% E-kursusleerlinge. Voorts was dit die tweede belangrikste invloedsfaktor by die keuse van Wiskunde deur 5 of 16,13% seuns, deur 1 of 20% dogters, deur 5 of 14,71% U-kursusleerlinge en deur 1 of 50% E-kursusleerlinge; Duits deur 1 of 12,50% dogters; en van Tik deur 6 of 16,67% dogters. Origens was die invloed wat dit uitgeoefen het geringer of ontbrekend, sodat die totale invloed daarvan by seuns op 7,42%, by dogters op 11,00%, by U-kursusleerlinge op 7,21% en by E-kursusleerlinge op 10,48% te staan kom.³

1. Kyk tabel 52.

2. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.8.1 aangedui.

1. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.8.1 aangedui.

4.8.7 DIE OPENHEID OF TOEGANKLIKHEID VAN DIE ONDERWYSER/ES

Vakonderwysers wat die vrymoedigheid by leerlinge wek om met hulle probleme na hulle te kom, was die belangrikste beïnvloedende faktor by die keuse van Tik deur 7 of 19,44% dogters en van Rekeningkunde deur 8 of 33,33% E-kursusleerlinge, terwyl dit die tweede belangrikste beïnvloedende faktor was waarom 7 of 20% seuns en 4 of 26,67% dogters Rekeningkunde; 1 of 12,50% dogters Duits; 1 of 20% U-kursusleerlinge Bedryfskennis; 1 of 50% E-kursusleerlinge Wiskunde; en 2 of 25% U-kursusleerlinge en 5 of 17,86% E-kursusleerlinge Tik gekies het. Voorts het dit geringer of geen invloed uitgeoefen, sodat die totale invloed daarvan by seuns op 6,25% by dogters op 7,50%, by U-kursusleerlinge op 6,25% en by E-kursusleerlinge op 7,26% te staan kom.¹

4.8.8 ONOPSIGTELIKE TUGHANDHAWING DEUR DIE ONDERWYSER/ES

Die feit dat vakonderwysers die vermoë vertoon om dissipline onopsigtelik te handhaaf, het 'n geringe invloed op die keuse van vakke uitgeoefen. Slegs by 2 of 18,18% seuns, by 1 of 12,5% dogters en by 3 of 15,78% U-kursusleerlinge het dit die tweede belangrikste invloed uitgeoefen by die keuse van Duits en by 2 of 12,90% E-kursusleerlinge by die keuse van Bedryfskennis. Voorts het dit 'n veel geringer of geen invloed by die keuse van ander vakke uitgeoefen. Dit bring die totale invloed daarvan by seuns op 5,08%, by dogters op 4,00%, by U-kursusleerlinge op 3,85% en by E-kursusleerlinge op 5,24% te staan.²

4.8.9 GOEIE MATRIEKEKSAMENUITSLAE VAN DIE ONDERWYSER/ES SE LEERLINGE

Slegs in die geval van Wiskunde het 1 of 20% dogters die goeie eksamenuitslae van die vakonderwyser se

-
1. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.8.1 verduidelik.
 2. Ibid.

leerlinge, bestempel as tweede belangrikste invloedsfaktor by die keuse van die vak. Orignens het dit baie geringe of geen invloed op vakkeuse uitgeoefen. Dit bring die totale invloed daarvan by seuns op 3,13%, by dogters op 3,50%, by U-kursusleerlinge op 3,37% en by E-kursusleerlinge op 3,34% te staan.¹

4.8.10 DIE HANDHAWING VAN CHRISTELIKE BEGINSELS DEUR ONDERWYSER/ES

Bogenoemde eienskap van die vakonderwyser/es het die geringste invloed van alle eienskappe uitgeoefen.² By die grootste meerderheid vakke het dit geen invloed op die vakkeuse uitgeoefen nie, sodat die totale invloed daarvan slegs 0,39% by seuns, 1,00% by dogters, 0,48% by U-kursusleerlinge en 0,81% by E-kursusleerlinge was.³

4.8.11 ANDER EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER

Nie een van die 114 respondente het ander eienskappe van die vakonderwyser/es genoem wat hulle by hulle vakkeuse beïnvloed het nie.

4.8.12 GEVOLGTREKKING

Dit blyk uit die voorgaande ontleding van die relatiewe invloed wat die verskillende eienskappe van die vakonderwyser/es op vakkeuse van respondente uitgeoefen het, dat hulle in dalende orde van belangrikheid soos volg gerangskik kan word:⁴

1. Vakkundigheid van die onderwyser/es.
2. Die vermoë van die onderwyser/es om die vak interessant aan te bied.
3. Die vermoë van die vakonderwyser/es om 'n aangename werksatmosfeer te skep.

1. Ibid.
2. Kyk tabel 52.
3. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.8.1 aangedui.
4. Kyk tabel 52.

4. Die vermoë van die vakonderwyser/es om sy/haar vak-kennis oor te dra.
5. (a) Die innemendheid van die onderwyser/es.
(b) Die vermoë van die onderwyser/es om streng maar regverdig tug uit te oefen.¹
6. Die openheid of toeganklikheid van die onderwyser/es.
7. Onopsigtelike tughandhawing deur die onderwyser/es.
8. Goeie matriekeksamenuitslae van die onderwyser/es se leerlinge.
9. Die handhawing van Christelike beginsels deur die onderwyser/es.

4.9 DIE EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER/ES WAT
RESPONDENTE BEÏNVLOED HET OM SY/HAAR VAK
NIE TE KIES NIE

In tabelle 53 tot 64 word veranderlikes van die vakonderwyser/es in al die betrokke keusevakke vergelyk om te probeer vasstel watter eienskappe van die vakonderwyser/es respondente die meeste beïnvloed het om nie sy/haar vak te kies nie. Aangesien daar so'n groot verskeidenheid veranderlikes is en hulle invloed so uiteenlopend is, sal slegs die twee belangrikste beïnvloedende eienskappe van elke onderwyser/es in alle tabelle in aanmerking geneem word, terwyl ander verskille slegs vermeld sal word waar hulle invloed opvallend is.

1. By eienskappe 5(a) en (b) was die invloed presies dieselfde.

TABEL 53

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE
EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER WAT LEERLINGE BEÏNVLOED
HET OM DUIITS NIE TE KIES NIE*

Verander- ¹ likes	Seuns		Dogters		U-kursus		E-kursus ²	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	7	30,43	2	20,00	9	27,27	-	-
2	-	-	-	-	-	-	-	-
3	-	-	1	10,00	1	3,03	-	-
4	2	8,70	-	-	2	6,06	-	-
5	3	13,04	2	20,00	5	15,15	-	-
6	4	17,39	2	20,00	6	18,18	-	-
7	1	4,35	2	20,00	3	9,09	-	-
8	-	-	-	-	-	-	-	-
9	4	17,39	1	10,00	5	15,15	-	-
10	1	4,35	-	-	1	3,03	-	-
11	1	4,35	-	-	1	3,03	-	-
TOTAAL	23	100,00	10	100,00	33	99,99	-	-

*Kyk bylae 5, Afdeling F.

1. Sleutel tot veranderlikes:

- 1: Ek hou nie van die onderwyser/es nie.
- 2: Die onderwyser/es handhaaf nie sy/haar Christelike beginsels te alle tye nie.
- 3: Die onderwyser/es ken nie sy/haar vak nie.
- 4: Die onderwyser/es kan nie sy/haar vakkennis oordra nie.
- 5: Daar heers nie 'n aangename werks-atmosfeer in die klas nie.
- 6: Die onderwyser/es dwing dissipline af.
- 7: Die onderwyser/es is nie altyd owe streng en regverdig nie.
- 8: Die onderwyser/es se standerd 10 leerlinge behaal nie goeie resultate nie.
- 9: Die onderwyser/es kan nie sy/haar vak interessant maak nie.
- 10: Jy kan nie met jou probleme na die onderwyser/es gaan nie. Hy/sy is nie behulpzaam nie.
- 11: Vak nie vantevore gehad nie.

2. Nie keusevak vir E-kursusleerlinge nie.

Volgens voorgaande tabel het 7 of 30,43% seuns, 2 of 20% dogters en 9 of 27,27% U-kursusleerlinge Duits nie gekies nie omdat hulle nie van die onderwyser/es gehou het nie, terwyl 2 of 20% dogters, onaangename werksatmosfeer, onoordeelkundige dissipline en die feit dat die onderwyser/es nie altyd ewe streng en regverdig is nie, as belangrikste beïnvloedende eienskap genoem. Voorts het 4 of 17,39% seuns en 6 of 18,18% U-kursusleerlinge die vak nie gekies nie vanweë die onoordeelkundige dissipline deur die onderwyser/es gehandhaaf, en het 4 of 17,39% seuns en 1 of 10% dogters die onvermoë van die onderwyser/es om die vak interessant te maak as tweede belangrikste negatiewe beïnvloedende kenmerk genoem. Geringer of geen invloed is deur die ander kenmerke uitgeoefen.

TABEL 54

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER WAT LEERLINGE BEÏNVLOED HET OM LATYN NIE TE KIES NIE*

Veranderlikes	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	9	29,03	2	11,77	11	22,92	-	-
2	-	-	-	-	-	-	-	-
3	1	3,23	-	-	1	2,08	-	-
4	4	12,90	5	29,41	9	18,75	-	-
5	2	6,45	1	5,88	3	6,25	-	-
6	5	16,13	4	23,53	9	18,75	-	-
7	1	3,23	2	11,77	3	6,25	-	-
8	1	3,23	-	-	1	2,08	-	-
9	7	22,58	3	17,65	10	20,83	-	-
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	1	3,23	-	-	1	2,08	-	-
TOTAAL	31	100,01	17	100,01	48	99,99	-	-

*Kyk bylae 5, Afdeling F.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 53.
2. Nie keusevak vir E-kursus nie.

Tabel 54 toon dat die belangrikste kenmerk van die onderwyser/es wat daartoe bygedra het dat sy/haar vak nie gekies word nie, deur 9 of 29,03% seuns en 11 of 22,92% U-kursusleerlinge, t.a.v. Latyn, aangedui is as gebrek aan rapport, ontmoeting, aanklank, soos saamgevat in die bewering dat hulle nie van die onderwyser/es gehou het nie. Hierna het 5 of 29,41% dogters nie Latyn gekies nie vanweë die onvermoë van die onderwyser/es om sy/haar vakkennis oor te dra. Voorts het 7 of 22,58% seuns en 10 of 20,83% U-kursusleerlinge as tweede belangrikste negatief beïnvloedende eienskap t.a.v. Latyn die onvermoë van die onderwyser/es genoem om sy/haar vak interessant te maak. Verder het 4 of 23,58% dogters Latyn nie gekies nie omdat tug onoordeelkundig toegepas word. Origens het die eienskappe van die onderwyser/es geringer of geen invloed op die keuse van Latyn uitgeoefen.

TABEL 55

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSERWAT LEERLINGE BEÏNVLOED HET OM AARDRYKSKUNDE NIE TE KIES NIE*

Verander- ¹ likes	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	8	22,86	8	26,67	4	17,39	12	28,57
2	4	11,43	3	10,00	3	13,04	4	9,52
3	-	-	1	3,33	-	-	1	2,38
4	5	14,29	5	16,67	3	13,04	7	16,67
5	11	31,24	1	3,33	6	26,09	6	14,29
6	1	2,86	2	6,67	-	-	3	7,14
7	2	5,71	2	6,67	1	4,35	3	7,14
8	-	-	1	3,33	1	4,35	-	-
9	2	5,71	7	23,33	4	17,39	5	11,90
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	2	5,71	-	-	1	4,35	1	2,38
TOTAAL	35	99,99	30	100,00	23	100,00	42	99,99

*Kyk bylae 5, Afdeling F.

1 Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 53.

Volgens tabel 55 het 11 of 31,42% seuns en 6 of 26,09% U-kursusleerlinge t.a.v. Aardrykskunde as belangrikste negatief beïnvloedende eienskap van die onderwyser/es die onvermoë om 'n aangename werksatmosfeer te sekp, genoem. Hierna het 8 of 26,67% dogters en 12 of 24,68% E-kursusleerlinge aangevoer dat hulle nie van die onderwyser/es hou nie. Die tweede belangrikste rede waarom 8 of 22,86% seuns en 4 of 17,39% U-kursusleerlinge nie Aardrykskunde gekies het nie is die feit dat hulle nie van die onderwyser/es hou nie, terwyl 7 of 23,33% dogters en 4 of 17,39% U-kursusleerlinge die vak nie gekies het nie, omdat daar nie 'n aangename werksatmosfeer heers nie. Die invloed deur die ander eienskappe was gering of het ontbreek.

TABEL 56

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER WAT LEERLINGE BEÏNVLOED HET OM HANDEL NIE TE KIES NIE*

Veranderlikes ¹	Seuns		Dogters		U-Kursus ²		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	2	28,57	2	50,00	-	-	4	36,36
2	-	-	-	-	-	-	-	-
3	-	-	-	-	-	-	-	-
4	-	-	-	-	-	-	-	-
5	1	14,29	1	25,00	-	-	2	18,18
6	-	-	-	-	-	-	-	-
7	3	42,86	1	25,00	-	-	4	36,36
8	-	-	-	-	-	-	-	-
9	1	14,29	-	-	-	-	1	9,09
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	7	100,01	4	100,00	-	-	11	99,99

*Kyk bylae 5, Afdeling F.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 53.
2. Nie keusevak vir U-kursus nie.

Hierdie tabel toon dat die belangrikste rede vir 3 of 42,86% seuns en 4 of 36,36% E-kursusleerlinge om Handel nie te kies nie, die onvermoë van die onderwyser/es was om tug konsekwent toe te pas, en vir 2 of 50% dogters en 4 of 36,36% E-kursusleerlinge was die rede dat hulle nie van die onderwyser/es gehou het nie. Voorts het 1 of 25% dogters en 2 of 18,18% E-kursusleerlinge Handel nie gekies nie omdat daar nie 'n aangename werksatmosfeer geheers het nie. Hierop volg 2 of 28,57% seuns wat die vak nie gekies het nie, omdat hulle nie van die onderwyser/es hou nie en 1 of 25% dogters, omdat die onderwyser/es nie altyd ewe streng en regverdig is nie. Origens was die invloed van die ander eienskappe gering of het hulle geen invloed uitgeefen.

TABEL 57

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER WAT LEERLINGE BEÏNVLOED HET OM WISKUNDE NIE TE KIES NIE*

Verander- ¹ likes	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	14	42,42	18	40,00	4	22,22	28	46,67
2	-	-	-	-	-	-	-	-
3	-	-	1	2,22	-	-	1	1,67
4	9	27,27	5	11,11	7	38,89	7	11,67
5	2	6,06	12	26,67	3	16,67	11	18,33
6	4	12,12	4	8,89	3	16,67	5	8,33
7	2	6,06	1	2,22	-	-	3	5,00
8	-	-	2	4,44	-	-	2	3,33
9	-	-	-	-	-	-	-	-
10	1	3,03	2	4,44	1	5,56	2	3,33
11	1	3,03	-	-	-	-	1	1,67
TOTAAL	33	99,99	45	99,99	18	100,00	60	100,00

*Kyk bylae 5, Afdeling F.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 53.

Tabel 57 toon dat die belangrikste onderwysers-eienskap wat 14 of 42,42% seuns, 18 of 40% dogters en 28 of 46,67% E-kursusleerlinge beïnvloed het om Wiskunde nie te kies nie die persoonlike onaanvaarbaarheid van die vakonderwyser/es was, terwyl dit vir 7 of 38,89% U-kursusleerlinge die onvermoë van die vakonderwyser/es was om sy/haar vakkennis oor te dra. Voorts het 12 of 26,67% dogters en 11 of 18,33% E-kursusleerlinge as tweede belangrikste negatiewe beïnvloedende eienskap die onvermoë van die onderwyser/es om 'n aangename werksatmosfeer te skep, genoem. Vir 7 of 27,27% seuns was die tweede belangrikste negatiewe eienskap die onderwyser/es se onvermoë om sy/haar vakkennis oor te dra, en vir 4 of 22,22% U-kursusleerlinge die feit dat hulle nie van die onderwyser/es gehou het nie. Origens was die invloed van die ander eienskappe geringer of het hulle geen invloed uitgeoefen nie.

TABEL 58

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER WAT LEERLINGE BEÏNVLOED HET OM BEDRYFSKENNIS NIE TE KIES NIE*

Veranderlikes	Seuns ¹		Dogters ²		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	7	21,21	-	-	6	20,69	1	25,00
2	1	3,03	-	-	1	3,45	-	-
3	3	9,09	-	-	3	10,34	-	-
4	1	3,03	-	-	1	3,45	-	-
5	8	24,24	-	-	6	20,69	2	50,00
6	-	-	-	-	-	-	-	-
7	2	6,06	-	-	1	3,45	1	25,00
8	-	-	-	-	-	-	-	-
9	10	30,30	-	-	10	34,48	-	-
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	1	3,03	-	-	1	3,45	-	-
TOTAAL	33	99,99	-	-	29	100,00	4	100,00

*Kyk bylae 5, Afdeling F.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 53.
2. Nie keusevak vir dogters nie.

Volgens voorgaande tabel is die belangrikste negatief beïnvloedende faktor in die onderwyser t.a.v. Bedryfskennis vir 10 of 30,30% seuns en 10 of 34,48% U-kursusleerlinge die onvermoë van die onderwyser om sy vak interessant te maak, vir 2 of 50% E-kursusleerlinge was dit egter die onvermoë om 'n aangename werksatmosfeer te skep. As tweede negatief beïnvloedende eienskap het 8 of 24,24% seuns en 6 of 20,69% U-kursusleerlinge die onvermoë om 'n aangename werksatmosfeer te skep, genoem; het 6 of 20,69% U-kursusleerlinge en 1 of 25% E-kursusleerlinge nie van die onderwyser gehou nie en het 1 of 25% E-kursusleerlinge van die vak weggeskram vanweë die onderwyser se onvermoë tot konsekwente tughandhawing. Voorts het die ander eienskappe geringer of geen invloed uitgeoefen nie.

TABEL 59

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER/ES WAT LEERLINGE BEÏNVLOED HET OM HUISHOUDKUNDE NIE TE KIES NIE*

Veranderlikes ¹	Seuns ²		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	-	-	5	41,67	1	20,00	4	57,14
2	-	-	-	-	-	-	-	-
3	-	-	-	-	-	-	-	-
4	-	-	2	16,67	-	-	2	28,57
5	-	-	1	8,33	-	-	1	14,29
6	-	-	1	8,33	1	20,00	-	-
7	-	-	1	8,33	1	20,00	-	-
8	-	-	-	-	-	-	-	-
9	-	-	1	8,33	1	20,00	-	-
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	-	-	1	8,33	1	20,00	-	-
TOTAAL	-	-	12	99,99	5	100,00	7	100,00

*Kyk bylae 5, Afdeling F.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 53.
2. Nie keusevak vir seuns nie.

Tabel 59 toon dat die belangrikste negatief beïnvloedende eienskap van die onderwyseres vir 5 of 41,67% dogters, 1 of 20% U-kursusleerlinge en 4 of 57,14% E-kursusleerlinge t.a.v. Huishoudkunde die persoonlike onaanvaarbaarheid van die onderwyseres was. Voorts het 2 of 16,67% dogters en 2 of 28,57% E-kursusleerlinge as tweede belangrikste negatiewe faktor die onderwyseres se onvermoë om haar vakkennis oor te dra genoem. Origens het die ander negatiewe eienskappe van die vakonderwyseres geringe of geen invloed uitgeoefen.

TABEL 60

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER WAT LEERLINGE BEÏNVLOED HET OM BIOLOGIE NIE TE KIES NIE*

Veranderlikes	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	5	14,29	-	-	2	7,69	3	12,50
2	1	2,86	-	-	1	3,85	-	-
3	-	-	1	6,67	-	-	1	4,17
4	5	14,29	2	13,33	1	3,85	6	25,00
5	10	28,57	3	20,00	9	34,62	4	16,67
6	-	-	1	6,67	-	-	1	4,17
7	2	5,71	2	13,33	1	3,85	3	12,50
8	2	5,71	2	13,33	4	15,38	-	-
9	9	25,71	2	13,33	7	26,92	4	16,67
10	1	2,86	2	13,33	1	3,85	2	8,33
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	35	100,00	15	99,99	26	100,01	24	100,01

*Kyk bylae 5, Afdeling F.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 53.

Tabel 60 toon dat die belangrikste negatiewe onderwyserseienskap waarom 10 of 28,57% seuns, 3 of 20% dogters

en 9 of 34,62% U-kursusleerlinge Biologie nie gekies het nie, die onvermoë van die onderwyser/es was om 'n aangename werksatmosfeer te skep, en vir 6 of 25,0% E-kursusleerlinge was dit die onvermoë van die onderwyser/es om sy/haar vak-kennis oor te dra. Tweede belangrikste negatiewe eienskap vir 9 of 25,71% seuns, 2 of 13,33% dogters, 7 of 26,92% U-kursusleerlinge en 4 of 16,67% E-kursusleerlinge was die onvermoë van die onderwyser/es om sy/haar vak interessant te maak. Verder het 4 of 16,67% E-kursusleerlinge Biologie nie gekies nie omdat die onderwyser/es nie 'n aangename werksatmosfeer kon skep nie. Geringer of geen invloed is deur die ander eienskappe uitgeoefen.

TABEL 61

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER WAT LEERLINGE BEÏNVLOED HET OM REKENINGKUNDE NIE TE KIES NIE*

Verander- ¹ likes	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	5	17,24	11	31,43	7	26,92	9	23,68
2	1	3,45	1	2,86	1	3,85	1	2,63
3	-	-	-	-	-	-	-	-
4	3	10,34	7	20,10	5	19,23	5	13,16
5	4	13,79	6	17,14	2	7,69	8	21,05
6	1	3,45	-	-	-	-	1	2,63
7	6	20,69	6	17,14	2	7,69	10	26,32
8	3	10,34	2	5,71	4	15,38	1	2,63
9	5	17,24	1	2,86	4	15,38	2	5,26
10	1	3,45	-	-	-	-	1	2,63
11	-	-	1	2,86	1	3,85	-	-
TOTAAL	29	99,99	35	100,00	26	99,99	38	99,99

*Kyk bylae 5, Afdeling F.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 53.

Ontleding van hierdie tabel toon dat die belangrikste negatiewe eienskap in die onderwyser/es, waarom 11 of 31,43% dogters en 7 of 26,92% U-kursusleerlinge Rekeningkunde nie gekies het nie, die persoonlike onaanvaarbaarheid van die onderwyser/es was, dog vir 6 of 20,69% seuns en 10 of 26,32% E-kursusleerlinge was dit die onderwyser/es se onvermoë tot konsekwente tuguitoefening. Die tweede belangrikste negatiewe eienskap was vir 7 of 20,10% dogters en 5 of 19,23% U-kursusleerlinge die onvermoë van die onderwyser/es om sy/haar vakkennis oor te dra, vir 5 of 17,24% en 9 of 23,68% E-kursusleerlinge was dit die feit dat hulle nie van die onderwyser/es gehou het nie, en vir 5 of 17,24% seuns was dit die onvermoë van die onderwyser/es om die vak interessant aan te bied. Geringe of geen invloed is deur die ander eienskappe uitgeoefen.

TABEL 62

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER WAT LEERLINGE BEÏNVLOED HET OM GESKIEDENIS NIE TE KIES NIE*

Verander- ¹ likes	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	17	62,96	16	40,00	24	61,54	9	32,14
2	-	-	-	-	-	-	-	-
3	-	-	-	-	-	-	-	-
4	-	-	5	12,50	-	-	5	17,86
5	1	3,70	10	25,00	4	10,26	7	25,00
6	5	18,52	3	7,50	7	17,95	1	3,57
7	-	-	2	5,00	-	-	2	7,14
8	-	-	-	-	-	-	-	-
9	3	11,11	2	5,00	3	7,69	2	7,14
10	1	3,70	2	5,00	1	2,56	2	7,14
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	27	99,99	40	100,00	39	100,00	28	99,99

*Kyk bylae 5, Afdeling F.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 53.

Die gegewens in hierdie tabel dui daarop dat die belangrikste negatief beïnvloedende eienskap van die onderwyser/es vir 17 of 62,96% seuns, 16 of 40% dogters, 24 of 61,54% U-kursusleerlinge en 9 of 32,14% E-kursusleerlinge t.a.v. Geskiedenis die persoonlike onaanvaarbaarheid van die onderwyser/es was; vir 10 of 25% dogters en 7 of 25% E-kursusleerlinge was dit die onvermoë om 'n aangename werksatmosfeer te skep; en vir 5 of 18,52% seuns en 7 of 19,95% U-kursusleerlinge was dit die onoordeelkundige tug-handhawing van die onderwyser/es. Origns het die ander eienskappe geringer of geen invloed uitgeoefen.

TABEL 63

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER WAT LEERLINGE BEÏNVLOED HET OM NATUUR- EN SKEIKUNDE NIE TE KIES NIE*

Veranderlikes	Seuns		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	10	27,03	7	15,22	6	28,57	11	17,74
2	1	2,70	-	-	1	4,76	-	-
3	2	5,41	3	6,52	-	-	5	8,06
4	4	10,81	6	13,04	1	4,76	9	14,52
5	5	13,51	7	15,22	3	14,29	9	14,52
6	-	-	4	8,70	-	-	4	6,45
7	1	2,70	3	6,52	-	-	4	6,45
8	1	2,70	1	2,17	-	-	2	3,23
9	8	21,62	10	21,74	7	33,33	11	17,74
10	2	5,41	3	6,52	-	-	5	8,06
11	3	8,11	2	4,35	3	14,29	2	3,23
TOTAAL	37	100,00	46	100,00	21	100,00	62	100,00

*Kyk bylae 5, Afdeling F.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 53.

Tabel 63 toon dat die belangrikste eienskap van die onderwyser/es wat die keuse van Natuur- en Skeikunde negatief beïnvloed het vir 10 of 27,03% seuns en 11 of 17,74% E-kursusleerlinge die persoonlike onaanvaarbaarheid van die onderwyser/es was, maar vir 10 of 21,74% dogters, 7 of 33,33% U-kursusleerlinge en 11 of 17,74% E-kursusleerlinge was dit die onvermoë van die onderwyser/es om die vak interessant aan te bied. As tweede belangrikste negatiewe faktor het vir 7 of 15,22% dogters en 6 of 28,57% U-kursusleerlinge die persoonlike onaanvaarbaarheid van die onderwyser/es, en vir 8 of 21,62% seuns die onvermoë van die onderwyser/es om die vak interessant te maak, gegeld. Geringer invloed is deur die ander negatiewe eienskappe uitgeoefen.

TABEL 64

VERGELYKING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSER WAT LEERLINGE BEÏNVOLOED HET OM TIK NIE TE KIES NIE*

Veranderlikes	Seuns ²		Dogters		U-Kursus		E-Kursus	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
1	-	-	5	35,71	5	50,00	-	-
2	-	-	-	-	-	-	-	-
3	-	-	-	-	-	-	-	-
4	-	-	2	14,29	2	20,00	-	-
5	-	-	1	7,14	1	10,00	-	-
6	-	-	-	-	-	-	-	-
7	-	-	2	14,29	-	-	2	50,00
8	-	-	1	7,14	-	-	1	25,00
9	-	-	3	21,43	2	20,00	1	25,00
10	-	-	-	-	-	-	-	-
11	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	-	-	14	100,00	10	100,00	4	100,00

*Vergelyk bylae 5, Afdeling F.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 53.
2. Nie keusevak vir seuns nie.

Die gegewens uit hierdie tabel dui daarop dat 5 of 35,71% dogters en 5 of 50% U-kursusleerlinge Tik nie gekies het nie omdat hulle nie van die onderwyseres hou nie, terwyl 2 of 50% E-kursusleerlinge wegstroom vanweë die onderwyseres se onoordeelkundige tughandhawing. Voorts het 3 of 21,43% dogters, 2 of 20% U-kursusleerlinge en 1 of 25% E-kursusleerlinge die vak nie gekies nie vanweë die onvermoë van die onderwyseres om die vak interessant aan te bied, terwyl 1 of 25% E-kursusleerlinge Tik nie gekies het nie omdat die onderwyseres se standaard 10 uitslae swak was. Orignens het die ander negatiewe eienskappe van die onderwyseres geringe of geen invloed uitgeoefen.

TABEL 65

VERGELYKING VAN DIE TOTALE RELATIEWE NEGATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE EIENSKAPPE VAN DIE VAKONDERWYSERS OP DIE KEUSE VAN DIE BETROKKE VAKKE*

Veranderlikes ¹	Universum ²	Persentasie ³
1	159	28,49
2	13	2,33
3	13	2,33
4	72	12,90
5	92	16,49
6	41	7,35
7	44	7,89
8	16	2,87
9	79	14,16
10	16	2,87
11	13	2,33
TOTAAL	558	100,01

*Vergelyk bylae 5, Afdeling F.

1. Sleutel tot veranderlikes soos vir tabel 53.
 2. Universum as volg bereken:
 1. Seuns U-kursus het 5 vakke nie gekies nie
34 seuns x 5 vakke = 170.
 2. Seuns E-kursus het 4 vakke nie gekies nie
30 x 4 vakke = 120.
 3. Dogters U-kursus het 6 vakke nie gekies nie
18 dogters x 6 vakke = 108.
 4. Dogters E-kursus het 5 vakke nie gekies nie
32 dogters x 5 vakke = 160
- Totaal vakke nie gekies nie = 558

Na aanleiding van die gegewens in tabel 65 blyk dit dat die eienskap van die vakonderwysers/esse wat die grootste negatiewe invloed op vakkeuse uitgeoefen het die persoonlike onaanvaarbaarheid van die onderwysers/esse was, en wel vir 28,49% respondente. Die tweede belangrikste negatiewe faktor was die onvermoë van die onderwyser/es om 'n aangename werksatmosfeer te skep (16,49% respondente). Hierop volg 14,16% respondente wat nie 'n vak kies wat die onderwyser/es nie interessant maak nie. Vierde word deur 12,90% respondente die swak oordrag van vakkennis deur die onderwyser/es genoem. Hierop volg inkonsekwente tughandhawing deur die onderwyser/es (7,89% respondente). In die sesde plek geld onoordeelkundige dissipline (7,35% respondente). Origens het die ander negatiewe eienskappe van die onderwysers/esse 'n geringer invloed uitgeoefen.

4.9.1 SAMEVATTING VAN BEVINDINGS AANGAANDE NEGATIEF BEÏNVLOEDENDE EIENSKAPPE VAN VAKONDERWYSERS/ESSE

Tabelle 53 tot 64 het aan die lig gebring watter negatiewe eienskappe van die vakonderwysers respondente beïnvloed het om sekere vakke nie te kies nie. In wat hierop volg word 'n kort uiteensetting gegee van die negatiewe invloed wat elk van die negatiewe eienskappe van die vakonderwysers uitgeoefen het.

4.9.2 OMAAANVAARBAARHEID VAN DIE ONDERWYSER/ES AS PERSOON

Verreweg die belangrikste rede wat deur respondente (28,49%) genoem word waarom hulle sekere vakke nie gekies het nie, is omdat hulle nie van die vakonderwyser hou nie.¹ Onderstaande is 'n opsomming van die aantal en persentasie seuns, dogters, U- en E-kursusleerlinge wat bogenoemde as belangrikste negatief beïnvloedende eienskap van die vakonderwyser/es bestempel.

1. Kyk tabel 65.

Seuns	Dogters	U-Kursus	E-Kursus
Duits 7 of 30,43%	Duits 2 of 20%	Duits 9 of 27,27%	Wiskunde 28 of 46,67%
Latyn 9 of 29,03%	Wiskunde 18 of 40%	Latyn 11 of 22,92%	Geskiedenis 9 of 32,14%
Wiskunde 14 of 42,42%	Geskiedenis 16 of 40%	Geskiedenis 24 of 61,54%	Nat- en Skei. 11 of 17,24%
Geskiedenis 17 of 62,96%	Huishoudkunde 5 of 41,67%	Huishoudkunde 1 of 20%	Huishoudkunde 4 of 57,14%
Nat- en Skei. 10 of 27,03%	Aardrykskunde 8 of 26,67%	Rekeningkunde 7 of 26,29%	Aardrykskunde 12 of 28,57%
	Rekeningkunde 11 of 31,43%	Tik 5 of 50%	Handel 4 of 36,36%
	Handel 2 of 50%		
	Tik 5 of 35,71%		

Voorts was dit die tweede belangrikste negatief beïnvloedende eienskap van die vakonderwyser/es wat 8 of 22,86% seuns en 4 of 17,39% U-kursusleerlinge t.a.v. Aardrykskunde; 2 of 28,57% seuns t.a.v. Handel; 4 of 22,22% U-kursusleerlinge t.a.v. Wiskunde; 6 of 20,69% U-kursusleerlinge en 1 of 25% E-kursusleerlinge t.a.v. Bedryfskennis; 5 of 17,24% seuns en 9 of 23,68% E-kursusleerlinge t.a.v. Rekeningkunde; en 7 of 15,22% dogters en 6 of 28,57% U-kursusleerlinge t.a.v. Natuur- en Skeikunde, laat wegskram het. Origens het hierdie negatiewe eienskap geringer invloed uitgeoefen sodat die totale invloed by seuns op 32,42%, by dogters op 38,00%, by U-kursusleerlinge op 37,98% en by E-kursusleerlinge op 32,26% te staan kom.¹

4.9.3 ONVERMOË VAN DIE ONDERWYSER/ES OM 'N AANGENAME WERKSATMOSFEER IN DIE KLAS TE SKEP

Alhoewel hierdie invloedsfaktor die tweede belangrikste eienskap van die onderwyser/es was wat daartoe bygedra het dat 16,49% respondente sekere vakke nie gekies

1. Totale persentasie bereken soos in paragraaf 4.8.1 aangedui.
2. Kyk tabel 65.

het nie, was die invloed daarvan veel geringer as eersgenoemde, hierbo. Dit word naamlik deur 2 of 20% dogters t.a.v. Duits; deur 11 of 31,42% seuns en 6 of 26,09% U-kursusleerlinge t.a.v. Aardrykskunde; deur 2 of 50% E-kursusleerlinge t.a.v. Bedryfskennis; en deur 10 of 28,57% seuns, 3 of 20% dogters en 9 of 34,62% U-kursusleerlinge t.a.v. Biologie genoem as belangrikste rede waarom hulle die vak nie gekies het nie. Voorts was dit die tweede belangrikste rede waarom 6 of 14,29% E-kursusleerlinge nie Aardrykskunde; 2 of 18,18% E-kursusleerlinge nie Handel; 12 of 26,67% dogters en 11 of 18,33% E-kursusleerlinge nie Wiskunde; 8 of 24,24% seuns en 6 of 20,69% U-kursusleerlinge nie Biologie; 10 of 25% dogters en 7 of 25% E-kursusleerlinge nie Geskiedenis; en 9 of 14,52% E-kursusleerlinge nie Natuur- en Skeikunde gekies het nie. Origens was die invloed van hierdie eienskap op die doen van 'n vakkeuse geringer sodat die totale invloed by seuns op 16,41%, by dogters 22,50%, by U-kursusleerlinge op 20,10% en by E-kursusleerlinge op 20,16% te staan kom.¹

4.9.4 ONVERMOË VAN DIE ONDERWYSER/ES OM SY/HAAR VAK INTERESSANT TE MAAK

